

# JAARVERSLAG

## FJ2023

**RAISINS SOUTH AFRICA (NPC)**

Raisins South Africa

**www.raisinsa.co.za**

**VISIE:**
Die groei van 'n volhoubare en mededingende Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf.

**MISSIE:**
Om waarde te skep vir ons lede en belanghebbendes.

Dit sal as volg bewerkstellig word:

- Verbeter die bedryf se produktiwiteit en winsgewendheid.
- Bevorder Raisins SA as 'n topgehalte handelsnaam.
- Deel inligting en kennis met ons lede in die waardeketting om risiko's te verminder.
- Verteenwoordig die bedryf met eenstemmigheid.
- Transformasie pro-aktief in die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf te bevorder.

# Inhoudsopgawe

VOORSITTERSVERSLAG

RAISINS SA - SAMESTELLING VAN DIE DIREKSIE

VERSLAG: HOOF- UITVOERENDE BESTUURDER

1. RAISINS SA OORSIG

2. INLIGTING VAN MAATSKAPPY

3. ADMINISTRASIE VAN DIE STATUTÊRE HEFFING EN FINANSIES

4. NAVORSING EN ONTWIKKELING

5. MARKINTELLIGENSIE, -TOEGANG EN -ONTWIKKELING

6. TRANSFORMASIE

7. BDSP – BESIGHEIDSONTWIKKELING STRATEGIESE VENNOOT

8. OORDRAG VAN INLIGTING, KOMMUNIKASIE EN KENNIS

9. VERKORTE FINANSIËLE STATE



# Voorsittersverslag

Dit is vir my so ’n groot eer om hierdie laaste voorwoord te skryf vir Raisins SA se jaarverslag van 2023, in my kapasiteit as Voorsitter.





**JOHANNES FOURIE**
VOORSITTER - RAISINS SOUTH AFRICA

**Die (2024) seisoen eindig met een van die heerlikste ervarings as ’n rosyneprodusent. Die natuur, die kwaliteit, die kwantiteit en ook die prys is al vier hierdie seisoen (2024) van die beste wat ons so dringend voor gebid en gehoop het.**

Al vier hierdie faktore is grotendeels afhanklik van die weerstoestande in die Suidelike en Noordelike halfrond. Selfs die prys van rosyne word hoofsaaklik beïnvloed deur die hoeveelheid rosyne wat geproduseer word a.g.v. weerstoestande.

Daarom ons dank aan die Outeur van die natuur wat dit so beskik het. Ons dank ook aan al ons produsente wie deur vier baie moeilike jare, moed gehou het en die gordel stywer vasgetrek het.

Produsente is deel van ’n klein groepering in ons land en veral op die platteland, wie deel is van welvaartskepping. Ons is al hoe meer aangewese op ons bedryfstrukture, met al minder hulp van ons regering, om leemtes op verskeie gebiede aan te vul. Dit sluit in navorsing om geskikte kultivars vir ons omstandighede te bekom, op die horison na risiko’s te kyk wat as bedreiging kan dien en dienooreenkomstig aksies in plek te stel om hierdie risiko’s te minimaliseer.

Ons as produsente het deur die jare 'n bedryfsorganisasie staangemaak, waarop ons werklik trots moet wees. Verlede jaar het ons 'n klomp sake uitgelig wat alles bydra tot die sukses van ons kollektiewe besigheid – vanaf plantmateriaal tot by die bemarking van ons produk.

Dit mag nooit van ons waar wees, dat ons nie waardeer wat ons het, tot dit nie meer daar is nie.

**Daarom, my laaste versugtinge aan my mede-produsente:**

1. **Kennis is mag.** Probeer om soveel as moontlik op die voorpunt van tegnologie, inligting en kennis te wees.
2. **Pas aan by verandering** of word die slagoffer van geen verandering.
3. Eerlike, harde werk met die fokus op dit wat die heel belangrikste is. **Boere se voetspore is die kunsmis van die grond.**
4. **Samewerking.** Eendrag maak mag. Leer by mekaar via die studiegroepe, bou verhoudings – verpakkers is slegs 'n verlengstuk van ons as produsente. Praat dus met mekaar, en nie van mekaar nie.
5. **Hou op om te kla.** Vat hande oor grense heen, en maak die verskil wat ons graag wil sien moet gebeur.

Ek bedank hiermee alle direkteure, bestuurders en personeel wie ek die voorreg gehad het om mee saam te werk en by wie ek kon leer.

Dit was vir my die grootste voorreg om die bedryf te kon dien oor die afgelope twee dekades. Dankie vir my gesin en familie se ondersteuning.

Mag ons bedryf van krag tot krag groei in die toekoms.

**Johannes Fourie**
Raisins SA voorsitter: 2019-2023

*My grootste dank aan ons Hemelse Vader vir genade, guns en gesondheid.*



# Raisins SA - Samestelling van die direksie



**JOHANNES FOURIE**
*VOORSITTER*



**DAVID VAN DER MERWE**
*VISE-VOORSITTER*



**FERDIE BOTHA**
*HOOF- UITVOERENDE BESTUURDER*



**VAN ZYL VORSTER**
*DIREKTEUR*



**NICO KOCH**
*DIREKTEUR*



**ANTHONY MAC MINN**
*DIREKTEUR*

# Raisins SA - Samestelling van die direksie




**GOG VAN DER COLFF**
*DIREKTEUR*



**EARL LOXTON**
*DIREKTEUR*



**BURGER DE VOS**
*DIREKTEUR*



**SIMONÉ OLIPHANT**
*MAATSKAPPY-SEKRETARESSE & DIREKTEUR*



**MATHILDA VAN DER WALT**
*NAMC OBSERVEERDER*

Verslag deur Ferdie Botha,
Hoof- uitvoerende bestuurder

## Geagte produsent,

**Die 2023 oesjaar was die kleinste sedert 2016, meer as agt jaar gelede, wat geëindig het op 60 231 ton.**

Die langtermyn weervoorspelling het aanduiding gegee op 'n nat seisoen, maar droogtoestande was uitstekend. Wingerdgesondheid en die nagevolg van die vorige twee jare met donsige skimmel en verdere hittegolftoestande in Oktober 2022, het sy tol geëis. Die verlies in Rand-waarde word beraam op ongeveer R1.3 miljard (35 000 ton @ $2 200 per ton @ R16 vir 'n dollar). Die verliese het nie net 'n nadelige invloed op die rosynebedryf, maar selfs verder tot ons omliggende gemeenskappe en klein sake besighede/industrieë.

Die IDC se fondse wat deur ons verpakkers gekanaliseer was het 'n wesenlike bydrae gemaak om ons produsente se moeilike kontantvloeiposisie te verlig. In totaal het 752 produsente toegang gekry tot ongeveer R333 miljoen, oor 'n twee jaar periode. Terselfdertyd is duisende werksgeleenthede tot die bedryf beskerm en produsente in die posisie geplaas om 'n oes vir 2024 te kan voorberei.

Dus was 2023 'n moeilike jaar vir die bedryf as 'n geheel. Die volume afname het 'n wesenlik afname in heffingsinkomste teweeggebring en verskeie aksies was geneem om te verseker dat Raisins SA se verpligtinge nagekom kon word.



*Ons vertrou dat daar saamgewerk sal word en ons moderne uitdagings doelgerig aangespreek sal word.*

Verder as ons terugkyk op 2023 vanuit 'n makro oogpunt, het die wêreldekonomie 'n verskeidenheid van uitdagings en geleenthede beleef.

## Hier is 'n hoëvlak-opsomming van die makro-ekonomiese situasie.

1. **Wêreldekonomie steeds aan die herstel na die pandemie:** Baie ekonomieë herstel steeds van die ekonomiese uitval van die COVID-19-pandemie. Die tempo van herstel het egter oor streke gewissel. Dit belemmer vraag in die mark.
2. **Geopolitieke dinamika:** Geopolitieke spanning het voortgeduur, met 'n tweede oorlog wat uitgebreek het tussen Israel en Gamas. Kwessies soos handelsgeskille, territoriale konflikte en sanksies het globale ekonomiese dinamika en beleggersentiment negatief beïnvloed.
3. **Inflasiedruk:** Inflasie het as 'n beduidende bekommernis in verskeie dele van die wêreld voorgekom. Die verbruiker is onder druk en weereens hou dit negatiewe gevolge vir die verbuiker in. Voorsieningskettingontwrigting, verhoogde vraag en stygende kommoditeitspryse het tot hoër inflasiekoerse bygedra. Sentrale banke het gesukkel met die dilemma om inflasie te beperk terwyl hulle ekonomiese groei deur monetêre beleid ondersteun het.



4. **Monetêre beleid:** Sentrale banke het uiteenlopende benaderings tot monetêre beleid aangeneem. Sommige, soos die Federale Reserweraad in die Verenigde State, het begin om bate-aankope te verminder en rentekoersverhogings aan te dui om inflasie te bekamp. Ander, veral in ontluikende markte, het voor uitdagings te staan gekom om inflasiebekommernisse te balanseer met die behoefte om groei te ondersteun.
5. **Fiskale stimulus:** Regerings het fiskale stimulusmaatreëls geïmplementeer om hul ekonomieë deur die pandemie-herstel te ondersteun. Hierdie maatreëls het direkte betalings aan burgers, infrastruktuurbeleggings en ondersteuning vir besighede ingesluit. Kommer oor stygende openbare skuldvlakke en fiskale volhoubaarheid het egter in sommige lande voortgeduur.
6. **Globale handel:** Wêreldhandel het teenstand ondervind van voortgesette geopolitieke spanning en handelsgeskille. Pogings om voorsieningskettingveerkragtigheid te verbeter en verkryging te diversifiseer het momentum gekry in reaksie op hierdie uitdagings.
7. **Digitale transformasie:** Die pandemie het digitale transformasie oor nywerhede versnel. Besighede het toenemend afgeleë werk, e-handel en digitalisering van dienste omhels. Tegnologiemaatskappye het voortgegaan om te floreer, innovasie aangedryf en tradisionele sakemodelle hervorm.
8. **Omgewingskwessies:** Klimaatsverandering en omgewingsvolhoubaarheid het aan die voorpunt van globale besprekings gebly. Oproepe vir aksie om klimaatrisiko's te versag, het verskerp, wat gelei het tot verhoogde investering in hernubare energie, elektriese voertuie en volhoubare infrastruktuur. ESG (Omgewings-, Sosiale- en Bestuurs-) oorwegings het voorkeur geniet in beleggingsbesluite.

In die algemeen is 2023 gekenmerk deur 'n komplekse wisselwerking van herstelpogings, inflasionêre druk, tegnologiese vooruitgang en geopolitieke uitdagings, wat die baan van die wêreldekonomie in die post-pandemiese era gevorm het.

Met aanloop tot ons nuwe heffingsaansoek (gedurende 2024) is dit krities dat die bostaande in ag geneem word om voortaan Raisins SA se aksies in te lig vir die volgende dekade.

Na 'n uitdagende jaar en om onder moeilike omstandighede steeds vele sake aan te spreek en kostes te bestuur, is ek verskuldig om aan my portefeuljebestuurders die nodige dank uit te spreek. Simoné, Stefan, Madene en Natascha - dankie vir elk se toewyding.

Namens die personeel van Raisins SA, wil ek graag ons direksie bedank vir die ondersteuning en leiding wat gebied word en vir die uitvoer van jul fidusiêre pligte met sorg en visie.

Aan oom Johannes (as Raisins SA voorsitter), wil ek graag my diepste waardering uitspreek vir oom se merkwaardige bydrae tot die bedryf oor die afgelope meer as twee dekades. Oom se leierskap as voorsitter en mens is geskoeid op eerlikheid, nederigheid en vermoë om te kan luister was 'n baken van inspirasie vir my en ek glo ook so die res van die Raisins SA span en direksie, wat ons deur beide voorspoedige en uitdagende tye gelei het. Oom se vertroue en begrip dat ons Here die uiteindelike Voorsiener is, het 'n onuitwisbare merk op ons harte en gedagtes gelaat.



*Met meer as twee dekades se toegewyde diens aan die bedryf, het oom konsekwent oom se welsyn bo alles geprioritiseer, en 'n standaard van uitnemendheid gestel wat vir die komende jare sal voortduur.*

*Ons is innig dankbaar vir die voorreg om saam met oom te werk en vir die waardevolle lesse wat oom oorgedra het.*

*Dankie vir oom se diens, en mag hierdie volgende fase van oom se reis gevul wees met vreugde, vervulling en seëninge vir beide oom en oom se gesin.*



**FERDIE BOTHA**
HOOF- UITVOERENDE BESTUURDER

## Impak op Bruto Binnelandse Produk (BBP)

Direkte Impak: **R1 787 miljoen**
**+**
Indirekte Impak: **R622 miljoen**
**+**
Geïnduseerde Impak: **R1 705 miljoen**

Totale Impak: **R4 114 miljoen**

## Wêreldproduksie

ongeveer **1.3** Miljoen Ton




## Suid-Afrikaanse

produksie **60 231** Ton

## Suid-Afrika

se bydrae beslaan **6%** van wêreldproduksie

## Suid-Afrikaanse markaandeel

| Uitvoere | Goues +- | Thompson +- |
|---|---|---|
| **9%** | **25%** | **15.4%** |

**15%** van die totale SA druiwe produksie in 2022/23

**6de** grootste produseerder wêreldwyd

## Groei in produksie volume verwag in die volgende 5 jaar

PROGNOSES

- Groter opbrengs kultivars om laer opbrengs te vervang
- Regering belegging in wingerd ontwikkeling
- Wyn produsente mag verander na rosyn produksie
- Verhoging in water toevoer - Clanwilliam Dam

100 000 ton per jaar

## Stadige groei sedert deregulering in 1996






# 1. RAISINS SA OORSIG

*"Don't let your happiness depend on something you may lose."*
**~ C.S. Lewis ~**

## 1.1. Agtergrond

Die Suid-Afrikaanse droëvrugtebedryf is 'n bedryf met 'n trotse geskiedenis, met sy oorsprong in die laat-1600's. Oor die afgelope eeu het die bedryf met lang hale gegroei en word dit vandag beskou as 'n wêreldklas en premium-gehalte mark, veral in die geval van rosyntjies. Desnieteenstaande is daar oor die afgelope vyf jaar verskeie strategiese gesprekke gevoer om die rosyntjiebedryf se toekoms te bevorder.

## 1.2. Die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte

Die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996, soos gewysig, maak voorsiening vir die vestiging van statutêre maatreëls naamlik statutêre heffings, die beheer van die uitvoer van landbouprodukte, rekords en opgawes, en registrasie. Statutêre maatreëls vir die droëvrugtebedryf word sedert 2002 ingestel, met die organisasie se ontstaan in 1997.

Sodra 'n maatreël deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye (voortaan verwys na as "die Minister") bekragtig is, word dit afdwingbaar sodra dit goedgekeur en gepromulgeer is. 'n Statutêre heffing kan beskou word as 'n 'toegewyde belasting' per eenheid van 'n landbou handelsproduk in enige stadium van die bemarkingsketting tussen die produseerder en die verbruiker wat vir 'n spesifieke doel geneem word, soos byvoorbeeld **navorsing en ontwikkeling**, die **deel van inligting en kennis** ter verbetering van deursigtigheid in die bedryf, **transformasie**, die instandhouding van **marktoegang** en selfs die verkryging van toegang tot nuwe markte. Registrasie is 'n statutêre maatreël wat in meeste landbousektore geïmplementeer word ten doel om 'n databasis van rolspelers in die betrokke bedryf te skep, bv. produsente, prosesseerders, ensovoorts. Rekords en opgawes word implementeer vir die versameling en verspreiding van generiese markinligting, om rolspelers in die waardeketting in staat te stel om ingeligte strategiese besluite te neem.

Na die deregulering van die mark in die laat-1990's het die droëvrugtebedryf se lede besef daar is 'n behoefte om die bedryf te struktureer en te organiseer na afloop van markbevryding en die einde van bemarkingsrade.

Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD) is in 1997 deur droëvrugteprodusente gevestig om hierdie potensiële institusionele mislukking aan te spreek. Produsente was besorg dat sekere funksies wat voorheen deur die Droëvrugteraad uitgevoer is, en nie meer gedoen gaan word nie, 'n negatiewe impak op die bedryf sou hê, met gepaardgaande hoë vlakke van onsekerheid. Die vraag was: "Wie gaan die droëvrugteprodusent verteenwoordig en optree ter bevordering en tot voordeel van die bedryf se spesifieke agenda?" Dit het gelei tot die totstandkoming van die produsente-organisasie, DTD, om die leemte te vul wat gelaat is deur die institusionele veranderinge. In die vroeë-2000's het DTD sy statutêre aansoek aan die Minister voorberei via die NAMC. Sedert 2002 is 'n statutêre heffing ingestel om bedryfsverwante aktiwiteite te befonds.

## 1.3. Oorgang: Vanaf DTD na Raisins SA

Weens die wesenlike implikasie van die herstrukturering wat in die Suid-Afrikaanse droëvrugtebedryf plaasgevind het, sluit ons hierdie afdeling in as deel van die 2024 jaarverslag. Sedert 2013 is verskeie formele en informele gesprekke gevoer wat ten doel gehad het om die droëvrugtebedryf in Suid-Afrika (m.a.w. DTD) te herstruktureer om sodoende sy lede beter te dien.

Gedurende 2018 is 'n finale strategiese besluit geneem om weg te beweeg van Hortgro Services en 'n nuwe weg in te slaan om die bedryf se eie identiteit en institusionele kapasiteit te vestig en te ontwikkel, met 'n fokus op waardeskepping vir die deelnemers en belanghebbendes in die bedryf se waardeketting.

Raisins SA het gespruit uit die behoefte aan die herstrukturering van die bedryf; die organisasie is die slotsom van die evolusie van die dienste gelewer deur die DTD na 'n meer gespesialiseerde en verfynde instrument, gefokus op die spesifieke en unieke behoeftes van Suid-Afrika se rosyntjiebedryf.

Raisins SA is 'n nie-winsgewende maatskappy, 'n navorsing en ontwikkeling, asook markontwikkelingsorganisasie in produsentebesit wat Suid-Afrika se R4-miljard rosyntjiebedryf dien. Die herstrukturering is teen einde 2018 voltooi en op **1 Januarie 2019** is Raisins SA se nuwe Akte van Oprigting amptelik deur die Suid-Afrikaanse Registrateur van Maatskappye aanvaar. Raisins SA is 'n staatserkende organisasie, net soos Potatoes South Africa (PSA), Vinpro, South African Table Grapes (SATI), Citrus Growers Association (CGA) en so meer.

## 1.4. Vordering tot op hede: Raisins SA

**Die volgende is tot op hede bereik:**

- Die skep van nuwe bestuurskapasiteit (April 2018).
- Voltooi die herstrukturering van die droëvrugtebedryf in Suid-Afrika (Desember 2018).
- Amptelike hervestiging van die bedryf se hoofkantoor na Upington (Januarie 2019).
- Aanstelling van 'n direksie, soos gelei deur die nuwe Memorandum van Verstandhouding (MVV) (Januarie 2019).
- Goedkeuring van begroting vir die 2019 finansiële jaar (Januarie 2019).
- Aanstelling van sleutelposte in Raisins SA se organogram (Augustus 2019).
- Bekendmaking van die eerste jaarverslag om produsente van die finansiële jaar se prestasie te verwittig.
- Voltooi van Raisins SA se heffingsiklus (2016 – 2020) (31 Desember 2020).
- Ontwikkeling van 'n strategiese plan vir die Suid-Afrikaanse rosynebedryf (2020-2025).
- Indien van Raisins SA se nuwe heffingsiklus (2021 – 2024).
- Die ontwikkeling van 'n wingerd-akademie en model plaas, met twee doelwitte:
    1. ons navorsing en ontwikkelingsaksies op te skerp waar proewe onder ons direkte bestuur kan geskied en
    2. om toewyding te gee aan die vaardigheidsontwikkeling in die wingerdvrugtebedryf. Die motivering hiervoor is om internasionaal toonaangewend te kan presteer en ons kompeterendheid te kan bevorder (2021/22).
- Uitvoer van Raisins SA mandaat, wat in verdere besonderhede in hierdie jaarverslag bespreek word, spesifiek met 'n fokus op die 2023 finansiële jaar.

# 1.5. Raisins SA

## 1.5.1. Raisins SA Strategie implimenteringsraamwerk en Institusionele struktuur

Die raamwerk hieronder demonstreer die implementering van die bedrysstrategie. Eerstens beklemtoon dit die groter strategie formulering en uitvoering aan die onderkant van die diagram aangebied, wat insluit : strategiese doelwitstelling, hulpbrontoewysing implementering (wat in hierdie afdeling behandel word), en monitering, evaluering en verslagdoening.

Tweedens toon dit die institusionele raamwerk vir die bedryf in sy geheel. Die direksie van Raisins SA is die finale 'vlak' wat verantwoordelik gehou moet word en sal aan die NAMC rapporteer ingevolge sy mandaat uit te voer. Die advieskomitee (DWPO) en sy sub-komitees (mark, tegnies en transformasie) is krities om die aktiwiteite/inisiatiewe wat geïmplementeer word te evalueer en insette daartoe te lewer. Verder, is dit belangrik dat die DWPO struktuur ook behoeftes van produsente kommunikeer om te verseker aktiwiteite wat geïmplimenteer word is belyn met behoeftes van die bedryf.






**FIGUUR 2: ALGEHELE OORSIG OOR DIE STRUKTUUR EN BESTUUR VAN RAISINS SA**

### 1.5.2. Strategiese fokus

Ons strategie is gebaseer op die langtermyn volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf, met die fokus op waardeskepping vir al ons belanghebbendes. Al ons aksies word onderskryf deur die vier beginsels van volhoubaarheid, naamlik:

- Goeie bestuur
- Ekonomiese veerkragtigheid
- Omgewingsintegriteit
- Sosiale welstand

### 1.5.3. Waardes en beginsels van Raisins SA

- **Integriteit** - Eerlikheid, Eerbaarheid, Verantwoordbaarheid
- **Waarde-gedrewe** - Kliënt-gefokus, Innoverend, Aanpasbaar
- **Onafhanklikheid** - Objektief, Deursigtig
- **Professioneel** - Respek
- **Vennootskappe** - Spanwerk, Sinergie
- **Bemagtiging** - Leer, Ontwikkel, Vooruitgang

### 1.5.4. Sleutelprestasie-areas (bedryf se doelwitte)

**Raisins SA se strategiese doelwitte is as volg:**

- **Goeie korporatiewe bestuur** van bedryfstrukture - doeltreffende administrasie van die statutêre heffing tot voordeel van die oorhoofse bedryf.
- **Versterk en groei marktoegang** vir ons produk.
- **Bestuur produk gehaltestandaarde** en voedselveiligheid sekerheid.
- Befonds en bestuur toepaslike **navorsing- en ontwikkelingsinisiatiewe.**
- **Bestuur van inligting, kommunikasie en kennis.**
- Proaktief bestuur van **transformasie en kapasiteitsontwikkeling** in die bedryf.



## 1.6. Personeel

'n Ervare, kundige span is oor die afgelope vyf jaar saamgestel om die bedryf te verteenwoordig en te bevorder op verskeie vlakke. Raisins SA het nege (9) permanente poste en een kontrak pos. Departement Landbou ondersteun Raisins SA se doelwitte verder deur twee (2) poste te finansier, vir die ontwikkeling van vaardighede in die bedryf.



### Ferdie Botha
**Hoof- uitvoerende bestuurder**



### Natascha Hamman
**Kantoor administrateur**



### Dr. Andries Daniels
**Navorsing- & Ontwikkelingsbestuurder**



### Simoné Oliphant
**Transformasiebestuurder**



### Stefan Jordaan
**BDSP bestuurder**



### Madene Conradie
**Inligting & kommunikasiebestuurder**



### Percy Jooste
**Graderingspesialis**



### Micheal Redelinghuys
**Junior Navorser**



### Alberto Brandt
**Junior Navorser**



### Azetta Rolse
**Ontvangs//administrasie intern**



### Anelisa Landu
**Transformasie Intern**



### Netta Springbok
**Skoonmaakster**

## 1.7. Raisins SA se advieskomitee

Die Droë-Wingerdvrugte Produsente Organisasie (Raisins SA se advieskomitee), meer algemeen bekend as die DWPO, dien as advieskomitee tot die direksie om te verseker dat produsente se stem gehoor word en dienooreenkomstig prioriteite van Raisins SA se werksaamhede inlig.

**Verteenwoordigers van die DWPO is tans:**

### DWPO Oranjerivier



Johannes Fourie
**Groblershoop**
2025 - Wyk 1



Marius Kruger
**Wegdraai**
2023 - Wyk 1



Peare Liebenberg
**Grootdrink**
2025 - Wyk 1



David van der Merwe
**Louisvale/Upington**
2025 - Wyk 2



Hendrik Kuhn
**Kalksluit**
2025 - Wyk 2



Johan Karsten
**UAP**
2025 - Wyk 2



André Oberholzer
**Kanoneiland**
2023 - Wyk 2



Adriaan Pearson
**Kanoneiland**
2024 - Wyk 2



### Petri Hanekom
**Keimoes**
2025 - Wyk 2



### De Wet Thirion
**Keimoes**
2024 - Wyk 2



### Schalk Engelbrecht
**Louisvale**
2025 - Wyk 2



### Llewellyn Adams
**Eksteenskuil**
2025 - Wyk 2



### Wiaan Janse van Rensburg
**Friersdale/Kakamas**
2023 - Wyk 3



### Hannes Koortzen
**Marchand**
2024 - Wyk 3



### Burger de Vos
**Marchand**
2024 - Wyk 3



### Jaco Malan
**Augrabies**
2025 - Wyk 3

## DWPO Olifantsrivier



NJ Wiese
**Vanrhynsdorp**
2024 - Wyk 4



Leon Wessels
**Vanrhynsdorp**
2023 - Wyk 4



Van Zyl Vorster
**Trimoa**
2023 - Wyk 4



Jandre van Zyl
**Trimoa**
2024 - Wyk 4



Vlam Taljaard
**Trimoa**
2023 - Wyk 4



Kleinjan Teubes
**Kapel**
2023 - Wyk 4



Merwe Kriel
**Trawal**
2023 - Wyk 4



Riaan Smuts
**Trawal**
2026 - Wyk 4



Danie van Zyl
**Bakleiplaas**
2026 - Wyk 4

## 1.8. Verteenwoordiging

Raisins SA word ook op verskeie ander bedryfstrukture verteenwoordig om die belange van die bedryf te bevorder:

**Tabel 1: Bedryfsverteenwoordiging**

| Instansie | Persoon | Sekundi | Posisie |
|---|---|---|---|
| **Raisins SA Industrie Trust** | Johannes Fourie | NVT | Trustee, voorsitter |
| **Raisins SA Industrie Trust** | Van Zyl Vorster | NVT | Trustee |
| **Raisins SA Industrie Trust** | Ferdie Botha | NVT | Trustee |
| **SAPO** | Ferdie Botha | David van der Merwe | Trustee |
| **FruitFly Africa** | Ferdie Botha | Stefan Jordaan | Direkteur |
| **Culdevco** | Ferdie Botha | Willem Bestbier | Direkteur |
| **Tissue Culture Lab** | Niël Kirsten | NVT | Direkteur |
| **Plant SA** | Stefan Jordaan | Ferdie Botha | Verteenwoordiger |
| **Suid-Afrikaanse Wyn en Wingerd Vereniging** | Andries Daniels | Stefan Jordaan | Verteenwoordiger |
| **Agri SA** | Ferdie Botha | Wiaan Janse van Rensburg | Verteenwoordiger |
| **Agri NK** | Ferdie Botha | Wiaan Janse van Rensburg | Verteenwoordiger |
| **Agri WK** | Ferdie Botha | Van Zyl Vorster | Verteenwoordiger |
| **Hortforum** | Ferdie Botha | Stefan Jordaan | Verteenwoordiger |
| **Internasionale Sultana Konferensie** | Johannes Fourie | Ferdie Botha | Komitee |
| **International Nut and Dried Fruit Council** | Ferdie Botha | Madene Conradie | Lid |
| **Frucom** | Ferdie Botha | Stefan Jordaan | Lid |

## 1.9. In slotsom

Die grondslag van Raisins SA is gelê om ons bedryf se belange te bevorder. Bestaande kapasiteit en strukture is in plek gestel om die maksimum waarde aan ons lede te verseker.

# 2. INLIGTING VAN MAATSKAPPY

## 2.1. Inleiding

| | |
|---|---|
| **Maatskappy registrasienommer:** | 1997/019805/08 |
| **Geregistreerde kantoor:** | Groenpuntweg 9<br>Keidebees<br>UPINGTON<br>8801<br>Posbus 2536<br>UPINGTON<br>8800 |
| **Ouditeure:** | Venter en Vennote<br>Posbus 204<br>UPINGTON<br>8800 |
| **Bank:** | Eerste Nasionale Bank<br>Hoek van Schröder en<br>Hill straat<br>UPINGTON<br>8801 |
| **Maatskappy-sekretaresse:** | Simoné Oliphant |
| **Webwerf** | www.raisinsa.co.za |

# 3. ADMINISTRASIE VAN DIE STATUTÊRE HEFFING EN FINANSIES

## 3.1. Inleiding

Goeie korporatiewe bestuur van die bedryf se strukture is 'n fundamentele funksie van Raisins SA, wat daarop gemik is om die heffing effektief te administrateer, tot die voordeel van ons groter bedryf.

Raisins SA se jaarverslag word gepubliseer met die hoofdoel om insig en 'n basiese begrip van die organisasie se bedryfsaktiwiteite te verskaf. Gevolglik poog die jaarverslag om inligting te verskaf en bekend te maak wat vir alle lede en belanghebbendes van belang is. Dit is bedoel om wyer as die finansiële prestasie van die organisasie verslag te doen, en ook terugvoer te gee oor strategieë, portefeuljeprestasie en bestuurspraktyke.

Figuur 2 illustreer die algehele bestuur, verantwoordelikhede, strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers en hulpbronallokering. Die doel van hierdie afdeling is om terugvoer te gee oor die administratiewe funksie van Raisins SA. Die periode onder oorweging is die 2023 finansiële jaar.

Die volgende strategiese doelwitte word ingesluit as (KPA 1): Goeie Korporatiewe Bestuur, soos uiteengesit in **"PROJECT RISE"**:

- **Strategiese doelwit 1: Finansiële volhoubaarheid**
- **Strategiese doelwit 2: Groei vrywillige befondsingsbronne**
- **Strategiese doelwit 3: Goeie bestuur**

Sien figuur 3 vir 'n oorsig van Raisins SA se goeie korporatiewe bestuur.




**FIGUUR 3: ILLUSTRASIE VAN RAISINS SA SE GOEIE KORPORATIEWE BESTUUR**

## 3.2. Struktuur en bestuur

Die direksie van Raisins SA is die finale "vlak" wat verantwoordelik gehou moet word en sal ingevolge die uitvoering van sy mandaat aan die NAMC verslag doen. Implementering van Raisins SA se mandaat word uitgevoer op grond van elk van die vyf KPA's en die gedetailleerde aktiwiteite soos uiteengesit in "PROJECT RISE" (2020-2025). Die verantwoordelike portefeuljebestuurder (en sy/haar span) sal funksies implementeer volgens die ooreengekome teikens wat gestel is.

Jaarlikse begrotings en teikens sal teen die einde van elke finansiële tydperk weer besoek en gefinaliseer word vir implementering van die volgende finansiële tydperk. Die uitvoerende hoof is uiteindelik aanspreeklik vir die bereiking van doelwitte wat vir die organisasie gestel is. Die aangestelde advieskomitees sal die uitvoering van navorsingsprojekte en bedryfsaktiwiteite ondersteun en lei om te verseker dat hulle relevant en in lyn is met die tydsbestek wat oorweeg word.

Die direksie word volgens vier streke genomineer om hul onderskeie wyke te verteenwoordig. Die dienstermyn duur drie jaar, waarna hulle óf herverkies word, óf 'n nuwe direkteur aangestel word. Die vier streke is as volg:

- Boegoebergdam (en stroomopwaarts) tot by Upington (oostelike areas, streek 1),
- Upington tot by Keimoes (middel, Streek 2),
- Keimoes en stroomafwaarts (westelike area, Streek 3); en
- die Olifantsrivier vallei (Streek 4).

Die direksie bestaan tans uit vier produsent-verteenwoordigers (direkteure) en vier gekoöpteerde lede om insig rakende die huidige marktoestande te verskaf (twee verpakkers), asook 'n eksterne raadslid om die bedryf se opkomende produsente te ondersteun terwyl een onafhanklike direkteur met 'n regsagtergrond deel vorm van die direksie.

**Raisins SA se direksie bestaan uit die volgende individue:**

- Johannes Fourie (Voorsitter) (Streek 1, 2025)
- David van der Merwe (Ondervoorsitter) (Streek 2, 2025)
- Burger de Vos (Streek 3, 2024)
- Van Zyl Vorster (Streek 4, 2026)
- Anthony Mac Minn (Sol Plaatjie Universiteit, 2024)
- Gog van der Colff (Carpe Diem Raisins, 2024)
- Nico Koch (PepsiCo, 2024)
- Ferdie Botha (Raisins SA, Hoof-uitvoerende Beampte)
- Mathilda van der Walt (NAMC, 2024)
- Earl Loxton (Koöpteer namens opkomende produsente, 2024)
- Simoné Oliphant is aangestel as direkteur sowel as maatskappy-sekretaresse.

Die teenwoordigheid van primêre lede, verpakkers en 'n eksterne raadslid verseker dat die bedryf ingelig bly oor produksie, bemarking, bedryfstransformasie asook ander verwante sake. Daarbenewens word Raisins SA se raadsvergaderings en algemene jaarvergaderings bygewoon deur 'n verteenwoordiger van die NAMC. Die NAMC is die liggaam wat die statutêre heffing elke vier jaar hersien, goedkeur en waaraan Raisins SA jaarliks verslag doen.

**Raadsvergaderings en die Algemene Jaarvergadering (AJV) het plaasgevind op:**

- 12 Mei 2023
- 25 Augustus 2023
- 1 September (Wyk 4),
  7 September (Wyk 1),
  19 September (Wyk 2 & 3)
  2023 (AJV)
- 14 Desember 2023



## 3.3. Finansies

### Heffingsiklus: 2021-2024

Raisins SA samel ’n statutêre heffing in vanaf alle rosyntjieprodusente. Die doel van die maatreëls waarvoor aansoek gedoen is in terme van seksie (10) van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996, soos gewysig, is om die belange van die bedryf in geheel te bevorder.

Die statutêre heffing word vir ’n siklus van vier jaar geïmplementeer, waarna ’n volledige aansoek opnuut aan die NAMC gerig moet word. Die huidige heffingstermyn verval in Oktober 2024 en het Desember 2020 in die staatskoerant verskyn. Die statutêre heffing ter sprake vir hierdie verslag, is 18 sent per kilogram op die bruto massa ingeneem (2023).

Verslagdoening van die 2023 siklus volg.



### Raisins SA inkomste

Die totale statutêre heffing ingesamel vir die 2023 tydperk was **R10 841 301 (59%)**. Addisionele inkomste genereer vir dieselfde periode was **R7 544 394 (41%)**, met ’n totale inkomste van **R22 159 745** vir die jaar geëindig 31 Desember 2023. Sien Figuur 4. In vergelyke met 2022, is die totale inkomste 20,5% laer. ’n Surplus van R132 808 het voortgevloei uit 2023 se bedryfsaktiwiteite.




**FIGUUR 4: TOTALE INKOMSTE-SAMESTELLING VAN RAISINS SA, 2023**

## Spandering per portefeulje

Die FJ2023 het verlaagde spandering gesien van 9% in vergelyking met 2022, met totale uitgawes van R18 682 106 (R1 706 995 finansieringskostes ingesluit) vir die finansiële jaar. Die hoofrede vir die verlaagde spandering was hoofsaaklik as gevolg van die verlaagde inkomste. Die finansiering van navorsingsprojekte is aangeskuif na 2024, wanneer befondsing moontlik beter sal lyk. Die kostesamestelling is as volg: Administrasie (6,37%), Inligting en kommunikasie (9,57%); Navorsing en ontwikkeling (R&D) (33,2%); Transformasie (23,87%) en Marktoegang en -ontwikkeling (26,99%) (sien Figuur 5).




**FIGUUR 5: TOTALE SPANDERING VAN RAISINS SA, 2023**



## Bedryfsverwante bronne van inkomste, mede-befondsing en borgskappe

Raisins SA het namens sy lede in 'n aantal strategiese bedryfsaktiwiteite belê. Hierdie beleggings sluit in:

| | |
|---|---|
| • Upstars (Edms.) Bpk. | 10% aandele |
| • SAPO Trust | 10% belang |
| • Culdevco (Edms.) Bpk. | 10% aandele |
| • FruitFly Africa (Edms.) Bpk. | 12% aandele |
| • Tissue Culture Facility (Edms.) Bpk. | 10% aandele |
| • Raisins SA Industrie Trust | 100% begunstigde |

Raisins SA is in noue samewerking met vennote wat 'n sleutel is tot die bedryf om ons finansiële vermoëns te verbeter en verder te laat groei. Die onderstaande figuur verskaf 'n hoëvlakoorsig van befondsing wat verkry is vanaf derde partye om sodoende die bedryf se aktiwiteite te verbeter.

Die totale vrywillige inkomste gegenereer is R7 544 394 (ingesluit rente-verdienste), wat 41% van die totale inkomste verteenwoordig. Figuur 6 verskaf 'n hoëvlakoorsig van inkomste gegenereer vanuit bogenoemde beleggings, asook ander bronne soos borgskappe, mede-finansiering van transformasie aksies, renteverdienste, huurinkomste, ensovoorts. Die grootste bydraes is afkomstig van Transformasie (23%), SAPO Trust (15%), en die INC (International Nuts & Dried Fruit Council (13%).




**FIGUUR 6: UITEENSETTING VAN 'ANDER' BRONNE VAN INKOMSTE, 2023**

## Administratiewe kostes

Die administratiewe funksie word so koste-effektief moontlik bestuur, om te verseker dat fondse wat ingewin en aangewend is, die meeste moontlike waarde vir ons produsentelede kan ontsluit. 'n Afname van 7,45% na 6,37% kan vir die periode van 2022 na 2023 waargeneem word. Die administratiewe koste verteenwoordig 6,37% van die totale spandering (2023) en beloop R 1 081 956.

Dit is belangrik om daarop te let dat R1 343 180 van die administratiewe kostes wat spandeer is, verkry is vanuit vrywillige bydraes ten einde te verseker dat ons binne die voorgestelde riglyne van 10% funksioneer.




**FIGUUR 7: ADMINISTRATIEWE KOSTE-SAMESTELLING VAN RAISINS SA, 2023**

## Raisins SA se BEE-status

Raisins SA beskik oor toegewyde bestuurskapasiteit ten opsigte van ons Transformasie portefeulje. Daar is noue samewerking met die regering. Die fokus van die portefeulje is op ondernemingsontwikkeling, die ontwikkeling van vaardighede asook sosio-ekonomiese ontwikkelingsaktiwiteite soos uitgespel deur die NAMC.

**Raisins SA handhaaf tans 'n BBBEE vlak 2 status volgens die QSE telkaart (spesiale telkaart vir Nie-Winsgewende Organisasies).**

## Nuwe statutêre heffingsiklus: 2021-2024

Raisins SA het gedurende 2020 'n nuwe heffingsaansoek voorberei vir die verlenging van statutêre maatreëls vir droogdruiwe in terme van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996, soos gewysig. Produsente, verpakkers en eksterne rolspelers is gekonsulteer in die proses ter ondersteuning van die aansoek. Die nuwe siklus strek oor die periode van 2021 – 2024 en is amptelik aangekondig in die Staatskoerant in Desember 2020. **Die heffing is afwaarts aangepas tot 18 sent vir 2023, aangesien produsente onder geweldige druk verkeer, dienooreenkomstig het direksie nie die gepubliseerde syfer in werking gestel nie.** Die heffing vir dieselfde periode is as volg gepubliseer:

- 16c per kilogram vir 2021,
- 17.67c per kilogram vir 2022,
- 19.33c* per kilogram vir 2023, en
- 21c per kilogram vir 2024.

*Nota: BTW uitgesluit en word op bruto massa gehef vir koste-effektiwiteit.*

*Raisins SA direksie het dit goedgekeur om slegs 18c per kilogram in 2023 te vorder, na afloop van die swakker oes.*

# 4. NAVORSING EN ONTWIKKELING

## 4.1. Oorsig van portefeulje

Raisins SA streef na ’n model met goeie basiese riglyne rondom die drie verskillende navorsingstipes wat bestaan, naamlik: basiese-, toepassings- en wetenskaplike navorsing in plek te stel, asook die oordrag van die ‘tegnologie’ wat daaruit voortspruit op ’n tegniese vlak oor te dra. Navorsingsdienste word aan die droogbedryf voorsien, asook tegniese ondersteuning wat benodig word om die huidige bedryf se behoeftes aan te spreek.

Die volgende strategiese doelwitte word ingesluit as deel van die Navorsing en Ontwikkeling portefeulje (KPA 3), soos uiteengesit in **“PROJECT RISE”:**

- **Strategiese doelwit 1: Natuurlike hulpbron ontwikkeling**
- **Strategiese doelwit 2: Optimalisering van droogpraktyke**
- **Strategiese doelwit 3: Kwaliteitsisteme**
- **Strategiese doelwit 4: Optimalisering van wingerde**
- **Strategiese doelwit 5: Tegnologie oordrag**

’n Oorsig van die navorsing- en ontwikkelingsportefeulje word in Figuur 8 weergegee. Terwyl die struktuur dieselfde gebly het, het die persone verantwoordelik vir sekere aksies verander. Dr Andries Daniels is as die Navorings- en ontwikkelingsbestuurder aangestel en Stefan Jordaan is nou die portefeuljebestuurder van die BDSP afdeling.

Die totale spandering vir hierdie portefeulje het R5 636 013, beloop, wat 33,2% van die totale spandering verteenwoordig. Die afgelope seisoen (2023) is daar geen nuwe projekte in plek gestel nie; slegs bestaande projekte wat voortgesit is weens die langtermyn-aard daarvan; asook om op meer gefokusde projekte te konsentreer. Die amptelike opening van die Vine Academy and Model Farm (VAMF) was in Junie 2023. Die hoofdoel om belangrike proewe vir die bedryf op mikrovlak te bestuur, praktiese blootstelling aan interne kapasiteit te bied, asook bedryfsontwikkeling word dus nou ten volle implementeer.

Hierdie toevoeging tot die wingerdbedryf word met baie entoesiasme begroet, en baie tyd en aandag word daaraan spandeer om te verseker volhoubare oplossings word gevind, met tegnologie-oordrag wat ook op georganiseerde wyse geskied. Met die VAMF word daar belê in die toekoms van tegniese vaardighede vir die landboubedrywe in die area vanaf skoolvlak, plaaswerker tot bestuur en konsultasie.




**FIGUUR 8: NAVORSING- EN ONTWIKKELINGSPANDERING VIR DIE JAAR 2023**




**FIGUUR 9: ILLUSTRASIE VAN DIE NAVORSING- EN ONTWIKKELINGSPORTEFEULJE**

## 4.2. Tegniese advieskomitee

Die tegniese komitee is saamgestel om die tegniese afdeling van Raisins SA te adviseer en tegniese punte te bespreek. Die komitee gee op sy beurt weer terugvoer aan die DWPO (Raisins SA-advieskomitee).

**Die 2023 tegniese komitee bestaan uit die volgende persone en instansies:**

| Komiteelid | Instansie |
|---|---|
| **Henning Burger** | Privaat |
| **Callie de Jager** | Carpe Diem Raisins |
| **JP Bence** | Carpe Diem Raisins |
| **Strys Strauss** | RedSun Raisins |
| **Stefan Jordaan** | Raisins SA (Sekretaris) |
| **André Oberholzer** | Oberholzer & Seuns Boerdery (Voorsitter) |
| **David van der Merwe** | David v.d. Merwe Farms |
| **Willem van Aarde** | Karsten Farms |
| **Zietsman van der Walt** | PepsiCo |
| **Gert Engelbrecht** | Vinpro |
| **Andries Daniels** | Raisins SA |
| **In tweede helfde van die jaar is Natascha Combrinck ook uitgenooi om op die tegniese komitee te dien namens Oranjerivier Wynkelder.** | |

**Doelwit:**

Evalueer kernaksies van belangrikheid t.o.v. navorsing tot die verbetering van die bedryf, deur:

- Werkbare oplossings vir tekortkominge in die bedryf
- Insameling van statisties-korrekte inligting
- Evaluering van tegniese aspekte en kritiese punte
- Identifikasie van gekwalifiseerde instelling/persone vir navorsingswerk
- Koste-effektiewe oplossings
- Prioritisering van tegniese navorsingsprojekte

## 4.3. Befondsingsvennote

In ooreenstemming met Raisins SA se filosofie rakende samewerkende vennootskappe, speel die volgende instellings ’n fundamentele finansiële rol in die groei van ons navorsing- en ontwikkelingsbegroting. Hierdie vennote is:




**FIGUUR 10: ADDISIONELE BEFONDSING TOT NAVORSING, ± R5,4 MILJOEN BYDRAES, 2023**

Raisins South Africa (NPC) / Jaarverslag FJ2023

## 4.4. Fokusareas

**Natuurlike Hulpbron bestuur**

- Water beskikbaarheid en -kwaliteit
- Klimaatsverandering
- Weerdata en voorspellingsmodelle
- Produksieverslae aan die hand van klimaat/weerstoestande

**Optimalisering van droogpraktyke en -metodes**

- Droogbane beste praktyke ontwikkeling
- Infrastruktuur navorsing
- Droogproduk evaluasies

**Optimalisering van wingerdpraktyke**

- Kultivar geskiktheid vir SA omstandighede om die opbrengs, kwaliteit van die produk en verdraagsaamheid teenoor klimaatsgebeurtenisse, te verhoog.
  - Kultivar-evaluasies
  - Bevorder die kwaliteit van plantmateriaal in die groter waardeketting van plantmateriaal
  - Plantmateriaal standaarde & plantverbetering
  - Onderstok-evaluasies
- Optimalisering van produksie
  - Optimalisering van produksie (Droog-aan-die-stok/"Dry-on-Vine" (DOV))
  - Droog-aan-die-stok prieelstelsels en kultivars
  - Besproeiingshandleiding
- Veldproewe
  - Oesskattingsmodel
  - Skadebepalingsmodel
  - Alternatiewe loogolies ondersoek (vir droging)
- Grondvoorbereiding
- Plae en siektebeheer
  - MRL afbreekkurwes
  - Vrugtevlieg skadebepalingsmodel

**Menslike hulpbronbestuur**

- Praktiese studente ("interns") leer- en ontwikkelingsprogram
- Raisins SA tegniese interne span, grondkundige asook plantteling
- Tegniese komitee

**Tegnologie Oordrag**

- Publikasies van sleutelaktiwiteite en navorsingsuitsette
- Inligtings- en velddae
- Handleiding vir die beste praktyk riglyne
- Raisins SA Simposium



## 4.5. Hoëvlak projekterugvoering

**Tabel 2: Navorsing en Ontwikkeling – projekopsomming vir 2023**

| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Natuurlike hulpbronbestuur** | | | | |
| **Water-beskikbaarheid en -kwaliteit** | **Watergehalte** | Om 'n Nie-Winsgewende Organisasie (NGO) te stig en te bestuur vir gereelde evaluasie van watergehalte in die Oranjerivierstreek om te verseker die waterbronne bly volhoubaar. | Die forum is gestig en gemeenskaplike belangstellendes is betrek. Fritz Bekker van Clean Stream Environmental Services tree op as adviseur. | Deurlopend |
| | | Moniteer en onderneem optrede aangaande watergehalte. | Moniteer die Oranjerivier van Vanderkloofdam tot by Onseepkans. Handhaaf struktuur vir bespreking van watergehalte-sake. Loods aksies gebaseer op bogenoemde inligting. | Deurlopend |
| **Weerdata** | **Weerstasies** | Versamel en verwerking van weerdata asook vergelyking met langtermyn data. | Betrek mede-finansierders. Daar is suksesvolle samewerkingsooreenkomste met Villa Crop Protection en PepsiCo.<br><br>Johan van den Berg (onafhanklike landbouweerkundige) voorsien eksterne medium- en langtermyn voorspellings en vroegtydige waarskuwings. | Deurlopend |
| **Optimalisering van droogpraktyke en -metodes** | | | | |
| | **Droogfasiliteite** | Beste praktyke instelling vir hersiening van droogpraktyke en aanspreek van risiko rakende kontaminasie. | Uitvoering van die proewe in 2023 seisoen. | Deurlopend |

| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Optimalisering van wingerdpraktyke** | | | | |
| **Kultivar geskiktheid vir SA omstandighede om die opbrengs, kwaliteit van die produk asook verdraagsaamheid teenoor klimaat te verhoog** | **Teel en evaluasie van rosyntjiekultivars** | Identifiseer nuwe potensiële kultivars wat ouer, swakker-produserende kultivars kan vervang of kan lei tot beter benutting van droogfasiliteite en beter oesvenster. | Deeglike identifikasie van kultivars word gedoen om volhoubare oplossings te verseker in-huis en vir privaat lisensiehouers. Nuwe kultivar ontwikkelingsprogram is geloods by die VAMF. Langbeenstokke van vier verskillende kultivars op vyf verskillende onderstokke is gedurende 2023 aangeplant. | Deurlopend |
| | **Vrug-evaluasie** | Hier is dit veral gefokus op gedroogde produkevaluasies. | Alle nuwe potensiële kultivars is evalueer en getoets met verskillende droogmetodes. | Deurlopend |
| **Bevorder die kwaliteit van plantmateriaal in die groter waardeketting van plantmateriaal** | **Plantmateriaal** | Stel riglyne in plek vir rapportering van probleme.<br><br>Verteenwoordig die droogbedryf by die WVV (Wingerdverbetering Vereniging). | Grondvlak betrokkenheid by moederblokke, plantmateriaal.<br><br>In-huis plantmateriaalproewe op verskeie persele. | Deurlopend |
| | **Onderstokke** | Hierdie projek word in samewerking met SATI gedoen weens die gemeenskaplike belang in die ondersoek van die bestaande onderstokke op verskillende persele om te bepaal watter onderstokke op die spesifieke kultivar mees geskik is onder spesifieke toestande.<br>Alle persele is nou aangeplant in Blouputs (binnegrond), Upington (buitegrond), Vredendal en Vanrhynsdorp, asook die op Kakamas. Nuwe aanplantings, met nuwe eerste fase evaluasie van onderstokke nooit voorheen gebruik in Suid-Afrika is alreeds in 2022 aangeplant in Kakamas, Vredendal en Upington. | Provar is nou ten volle verantwoordelik vir die evaluering van al die persele. | Evaluasies op al die persele sal tot 2027 plaasvind. |

| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Optimalisering van wingerdpraktyke** | | | | |
| **Bevorder die kwaliteit van plantmateriaal in die groter waardeketting van plantmateriaal** | **Indikator plantmateriaal** | Omdat wit kultivars nie visueel identifiseerbaar is om Rolblaar tipe-3 virus te identifiseer nie, is die eerste kommersiële proef geloods waarby Selma Pete as kultivar geënt is op 143B MG. Cabernet Franc is ook op die spaarloot geënt as indikator wat visueel die simptome sigbaar maak. | Aanplanting van hierdie blok sou in 2023 geskied het, maar weens die risiko betrokke met die vervoer van die nuut vasgegroeide entlas wat moontlik sou breek is aanplanting uitgestel tot 2024. | Die projek sal tot 2026 strek. |
| | **Bepaal of virusse met twee siektes van Merbein en Selma Pete in die Upington rosyntjie-druifproduksie-gebied geassosieer kan word.** | Merbein en Selma Pete is onderskeidelik die mees aangeplante en vinnigste groeiende druiwekultivars wat vir die maak van rosyne in Suid-Afrika gebruik word. Albei kultivars blyk in verskeie wingerde in die Oranjerivier aangetas te word deur afsterwingsimptome wat toegeskryf is aan óf winterkoue óf stamsiektes asook aan ’n “slap loot”-simptoom wat baie soortgelyk is aan Shiraz-siekte van wyndruiwe. Hierdie siektes kan deur die teenwoordigheid van virusse veroorsaak of bespoedig word. | ’n Reeks virusse en viroïede is in beide Merbein- en Selma Pete-kultivars opgespoor. PCR sal gevestig of ontwikkel word vir soveel as moontlik van hierdie virusse of viroïede en in die tweede jaar van die projek sal assosiasie studies uitgevoer word op toepaslike getalle duidelike verteenwoordigers van Selma Pete en Merbein van dieselfde plantmateriaaloorsprong, wat wintersterfte simptome toon, asook plante wat gesond lyk. | As gevolg van onvoorsiene omstandighede kon mylpale soos in die projekvoorstel nie betyds behaal word nie. Die projek duur dus voort tot einde van 2024 sonder enige addisionele befonding. |
| **Optimalisering van produksie** | **Droog-aan-stok** | Daar is aanplantings in Kakamas (binnegrond) gemaak op Selma Pete, Merbein Seedless en Sugra 39 asook met twee verskillende opleistelsels naamlik die Shaw-swaaikap en die Bokhoring stelsels om te bepaal watter stelsel en onderstokkombinasie die meeste geskik is vir die droog aan stok metode. | Aanplantings het plaasgevind in 2019. Projek is aanvanklik in samewerking met die LNR gedoen, maar word sedert 2023 deur die navorsingspan van VAMF gedoen. | Hierdie proef is in 2019 aangeplant en gaan tot ’n einde kom in 2025. |

| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Optimalisering van wingerdpraktyke** | | | | |
| **Optimalisering van produksie** | **Jongstok aanbevelings en probleem identifikasies** | Tree op as onafhanklike liggaam om aanbevelings te maak rakende geskikte bo- en onderstok kombinasies asook die ondersoek van probleemblokke. | Om te verseker dat elke situasie die beste onafhanklike opgesomde aanbeveling kan kry ter verbetering van die bedryf en risikobestuur. | Gaan vanaf 2024 onder die BDSP portefeulje behartig word. |
| **Veldproewe** | **Trosgewigte en oesmodel** | Die droogbedryf het beperkte inligting beskikbaar ten einde akkurate oesskattings te bepaal. Bepaal norms en verseker goeie stokdata. | Inisiëringsfase in 2020 seisoen met gewigte, trostellings en skadebepaling.<br><br>Agrihub program opdateer by produsente om vanaf akkurate hektare te werk. | 2020-2025 |
| | **Skadebepaling** | Direkte en indirekte skadebepalingsmodelle vir die bedryf skep. | Inisiëringsfase 2020 | 2020-2025 |
| **Grondvoorbereiding** | **Kartering en grondondersoeke** | Blokkartering en aanplantingsaanbevelings templaat skep. | Ondersoek nuwe aanplantingspersele en adviseer beste grondvoorbereidingstegnieke en regstellings. | Deurlopend - gaan voortaan onder die BDSP portefeulje behartig word |

| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Optimalisering van wingerdpraktyke** | | | | |
| **Plae- en siektebeheer** | **MRL residu afbreekkurwes**<br><br>**Vrugtevlieg monitering en skadebepaling** | Bepaal of produkte veilig is vir gebruik op die regte stadium.<br><br>Bepaling van impak op die bedryf. | Hoof aktiewe bestanddeel wat krities is vir die laaste gebruik in die seisoen is getoets.<br><br>2021 word werk inisieer, tweede evaluering 2022 seisoen.<br><br>In 2023 word die besluit geneem tussen Raisins SA, FFA en die LNR dat "hotspot" areas identifiseer moet word. Monster insameling moet plaasvind en onmiddellik ondersoek en ontleed word vir die voorkoms van vrugtevliegskade en teenwoordigheid van larwes en nie meer na Stellenbosch vervoer moet word vir ondersoek en ontleding nie. Een van die persele toon amper 1% skade. | Deurlopend |



| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Optimalisering van wingerdpraktyke** | | | | |
| **Plae- en siektebeheer** | **Margarodes** | Margarodes is inheems en voed op wingerdwortels, verswak die wortelstelsel en verkort die produktiewe leeftyd van wingerde. Die doel van die projek is om 'n geïntegreerde bestuurstrategie vir Margarodes te ontwikkel.<br><br>**Die doelstellings is:**<br>1) om die doeltreffendheid van geselekteerde kontak- en sistemiese insekdoders vir Margarodebeheer in veldproewe te toets,<br><br>2) om die doeltreffendheid van geselekteerde EPF's vir biologiese beheer van Margarodes in die laboratorium (nagraadse student) en in die veld te bepaal,<br><br>3) om die doeltreffendheid van geselekteerde EPN's vir biologiese beheer van Margarodes in die laboratorium en in die veld te bepaal (nagraadse student); en<br><br>4) 'n geïntegreerde bestuurstrategie vir Margarodes in tafeldruiwe te ontwikkel en te evalueer. | Die formele resultate van hierdie studie is bevat in die Meesters tesis van Me Talitha Erasmus en het die volgende bevind:<br><br>1) dat wyfies van M. Prieskaensis vatbaar is vir infeksie deur EPF-spesies en dat hul gebruik as biobeheermiddels verdere ondersoek regverdig.<br><br>2) manlike pre-papies van M. Prieskaensis spandeer tussen 30 en 50 dae vlak onder die grondoppervlak voordat hulle in papies ontwikkel.<br><br>3) die gebruik van EPF as 'n grond-deurdrenkingstoediening teen pre-papies ondersoek word<br><br>4) belangrike basislyninligting verskaf oor die doeltreffendheid van plaaslike EPF en EPN teen M. Prieskaensis wyfies. | Die projek het in 2019 begin en in 2023 amptelik tot 'n einde gekom met die uitreiking van die Meesters tesis. Aanbevelings word daarin gemaak dat toekomstige studies oor die gebruik van EPF om hierdie plaag te beheer, eers probleme wat hierdie studie identifeer is, insluitend die metode om margarodes-wyfies in te versamel en hanteer, asook toepaslike formulering van EPF vir beskerming teen omgewingsfaktore, moet aanspreek. |

| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Optimalisering van wingerdpraktyke** | | | | |
| **Plae- en siektebeheer** | **Bladspringers** | Produsente in die Noord-Kaap, Mpumalanga, Limpopo en sommige gebiede in die Wes-Kaap, het toenemende uitbrekings van blaarspringers in tafel- en rosyndruifwingerde aangemeld. Die doel van hierdie navorsing is om kennis te verkry oor spesie-identiteit, blaarspringerbiologie en ekonomiese skadepotensiaal, wat alles deurslaggewend is vir die ontwikkeling van beheermaatreëls (chemies en biologies) en om potensiële fitosanitêre bekommernisse aan te spreek. | Projek resultate vir die 2023 seisoen het getoon dat klewerige lokvalle aandui dat bladspringergetalle laer was as wat vorige seisoene deur produsente en konsultante waargeneem en aangemeld is. Monitering gaan voort. Veldwaarnemings het geen tekens van ekonomiese skade opgelewer nie, waarskynlik as gevolg van die laer getalle bladspringers in die wingerde hierdie seisoen.<br><br>Wat taksonomiese identifikasie van die groen bladspringer behels, het dit geblyk om uitdagend te wees as gevolg van die onvolledige beskrywings van eksemplare in die taksonomiese sleutels beskikbaar. Insameling van monsters vir gedetailleerde taksonomiese beskrywing en molekulêre identifikasie sal in die komende seisoen voortgaan. | 2022 - 2025 |

| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Optimalisering van wingerdpraktyke** | | | | |
| **Plae- en siektebeheer** | **Letselaalwurms in wingerdstok** | **Die doelwitte van hierdie studie:**<br>• Geografiese opname vir letselaalwurms in die wingerdboustreke van Suid-Afrika.<br>• Opspoor, isoleer en identifiseer letselaalwurmpopulasies uit opnamemonsters deur gebruik te maak van molekulêre metodes.<br>• Evalueer die patogenisiteit van die mees algemene letselaalwurmspesies deur aalwurmreproduksie en groeireaksie van geselekteerde wingerdstok onderstokke op besmetting deur hierdie letselaalwurmspesies te evalueer.<br>• Evalueer die vatbaarheid van geselekteerde dekgewasse vir verskillende letselaalwurmspesies deur aalwurmreproduksie op hierdie gewasse te skat. | Projek is geloods in 2022. Monsters is op verskillende areas geneem en in 2023 het resultate getoon dat letselaalwurms teenwoordig is in ’n hoë persentasie (84%) van wingerde wat gemonster is, maar nie in besonder hoë bevolkingsdigthede nie. Die voorkoms van P. Hippeatri is ’n nuwe gasheerrekord vir wingerde in Suid-Afrika. | 2022 - 2025 |
| **Menslike hulpbronbestuur** | | | | |
| **Interne studente leer- en ontwikkelingsprogram** | | Opstel van programme waarby interns kan baatvind by verskeie aspekte wat verband hou met navorsing- en ontwikkelingsaktiwiteite. | In 2023 was daar geen interns beskikbaar wat onder die navorsings- en ontwikkelingspan ingeneem kon word nie. | Deurlopend/soos beskikbaar. |

| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Menslike hulpbronbestuur** | | | | |
| **Tegniese komitee** | **Adviserings-komitee** | Identifisering van bedryfsgeleenthede en risiko's op 'n tegniese en navorsingsgebied. | Suksesvol saamgestel. Drie vergaderings is tydens 2023 gehou waarby belangrike besluite rondom aktiwiteite in navorsing en ontwikkeling geneem is o.a. die gebruik van die Vine Academy and Model Farm studente om interne navorsingsprojekte in-huis te implementeer. | 2023 |
| **Tegnologie oordrag** | | | | |
| | **Velddae** | Om op 'n oorsigtelike mate inligting wat vasgevang word oor te dra aan produsente. Hierdie sessies vind langs die Oranje- sowel as Olifantsrivier plaas, en die sessies word gelei deur behoeftes vanaf die verskeie boereverenigings.<br><br>Formele tegniese inligtingsdae in samewerking met insetverskaffers. | Daar was in totaal 26 veldsessies gehou in die 2023 seisoen .<br><br>• Groblershoop Boerevereniging tegniese terugvoer en snoeidag<br>• HMO snoei opleiding<br>• HMO plant opleiding<br>• HMO droogfasiliteit opleiding (2)<br>• HMO Jongstok ontwikkeling<br>• HMO Somerloofbestuur<br>• HMO Oesskatting<br>• Tegniese Inligtingsdag Olifantsrivier & Oranjerivier<br>• Vredendal Lowerbestuur<br>• Tegniese Roadshow x 4<br>• Kakamas x 2 dae<br>• Kanoneiland velddag: Set tot oes<br>• Chemiese opleiding<br>• Chemiese groep bespreking<br>• Opkomende produsente inligtingsdag<br>• 6M sessies (5) | 2023 |

| Fokus area | Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|---|
| **Tegnologie oordrag** | | | | |
| **Handleiding vir die beste praktyk riglyne** | **Grondvoorbereiding en praktyke** | Hersiening en daarstelling van 'n erkende handleiding wat deur rosyntjieprodusente asook studente gebruik kan word. Ook die oordrag van kennis aan voorligtingsbeamptes van die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling. | Program geloods 2020. | 2020 - 2025 |



## 4.6. Lesse geleer

Soos wat ’n bedryf ontwikkel kom daar al hoe meer nuwe uitdagings en geleenthede by. Die rosynebedryf internasionaal het geweldig baie plek vir ontwikkeling wat net bevestig hoe geweldig baie nog gedoen kan word om beter volhoubaarheid te verseker.

**Die afgelope jaar se lesse geleer:**

- Kommunikasie tussen verskillende bedrywe in geheel bly krities vir gesamentlike verbetering van die wingerd- & landboubedryf.
- Ons moet wyer kyk as net die wingerdbedryf en ook by ander instansies aanklop vir kruisbestuiwing.
- Ten spyte van die droeër weersomstandighede aan die einde van die seisoen, het die “La Nina” klimaat steeds alle weerpatrone omvergegooi. Die nagevolg van die vorige seisoen was egter nog direk verantwoordelik vir die swakker produksies met die vorige seisoene se hoë reënval.
- Om praktiese navorsing te onderneem, wat op plaasvlak van groot waarde kan wees, is dit krities dat die nodige kapasiteit in plek gestel moet word om die bedryf te kan diensovoorts.
- Tegnologie en innovasie se benutting is nog relatief laag; hierdie is ’n sleutelrol van Raisins SA wat aandag in die toekoms sal moet geniet.
- Somtyds staan ons vasgevang in ’n stelsel en is versigtig oor wat die aanpassing daarvan sal wees, maar as ons eers die stelsel aanpak is die geleenthede legio. ’n Goeie voorbeeld hiervan is om betrokke te raak by plantmateriaal wat die bedryf kan verbeter.
- Goeie data maak besluite maklik. Met daadwerklike weeklikse data van vrugtevlieg en valskodlingmot en die plasing daarvan op kaarte kan die “hotspots” op die stadium bestuur word en skade se impak minimaliseer.
- Alle proewe onafhanklik van grootte moet statisties ontleed word. Besluite geneem op grond van die data is kardinaal vir langtermyn volhoubaarheid.
- Suksesvolle proewe op grondvlak benodig gefokusde persele en daarvoor ook ’n gefokusde benadering.

## 4.7. Slotsom

Kapasiteit is aangespreek en goeie interaksie met bedryfsvennote, produsente en personeel is en word steeds gevestig en moet onderhou word. Die vestiging van ’n tegniese komitee wat adviserend optree werp beslis reeds vrugte af en meer intydse bestuur kan hanteer word, asook die uitrol van aksies.

Elke aksie, projek en proef, onafhanklik van die grootte daarvan, dra op sy beurt by tot ’n groter prentjie en saam vorm alles die finale volhoubaarheid. Die bestuur van al die aksies en om te prioritiseer wat kern-belangpunte is, is verseker ’n uitdaging, dus streef ons na samewerking met ander instansies om die moontlike ondersteuning te kry by projekte. Die VAMF is ’n bron van hoop - nie net vir die rigting waarin navorsing en ontwikkeling daar gestuur word nie, maar ook die kaliber gegradueerde wat dit uiteindelik gaan oplewer om in die industrie te stuur om diens te lewer.

# 5. MARKINTELLIGENSIE, -TOEGANG EN -ONTWIKKELING

## 5.1. Oorsig van portefeulje

Oor die afgelope drie dekades het die landbou-omgewing massiewe veranderinge ondergaan. Dit sluit onder meer in veranderinge in handelsbeleid (vrye-mark), bevolkingsgroei, klimaatsverandering, die tegnologiese revolusie, die finansiële krisis, ensovoorts. Die toenemende geïntegreerde wêreldmark het inderdaad groeigeleenthede vir ons Suid-Afrikaanse bedryf ingehou (as ontwikkelende ekonomie). Dit het ons die geleentheid gebied om ons rol as internasionale verkoper van rosyntjies te laat toeneem met meer as 250% oor dieselfde tydperk, waarvan 100% oor die afgelope agt jaar plaasgevind het. Verdere verwagte groeiende volumes (25%) oor die volgende drie jaar onderstreep die belangrikheid van investering in marknavorsing, toegang tot markte en die ontwikkel van nuwe markte, as sleutel tot die toekomstige langtermyn sukses van die SA rosyntjiebedryf oor die volgende tien jaar.

Die volgende strategiese doelwitte word ingesluit as deel van Markintelligensie, -toegang en -ontwikkeling (KPA 2), soos uiteengesit in **"PROJECT RISE":**

- **Strategiese doelwit 1: Markintelligensie**
- **Strategiese doelwit 2: Marktoegang**
- **Strategiese doelwit 3: Markontwikkeling**

Sien figuur 11 vir 'n oorsig van die markintelligensie, -toegang en -ontwikkeling portefeulje.






**FIGUUR 11: ILLUSTRASIE VAN MARKINTELLIGENSIE, -TOEGANG EN -ONTWIKKELING PORTEFEULJE**



Die totale spandering op hierdie portefeulje beloop R4 580 946, wat 26,99% van totale verdienste verteenwoordig.




**FIGUUR 12: MARKNAVORSING, BEDRYFS-'BENCHMARKING' EN MARKONTWIKKELING-SPANDERING VIR 2023**

Aan die hand van die bostaande is dit belangrik dat Raisins SA die volgende funksies namens die bedryf behartig:

**1) Markintelligensie/Bedryfs-'benchmarking';**
**2) Marktoegang en**
**3) Markontwikkeling.**

Hierdie fokusareas sal kortliks in die komende gedeelte hanteer en bespreek word.



## 5.2. Fokusareas

Oor die afgelope jaar het Raisins SA homself op die volgende areas toegespits:

### 1) Markintelligensie en "benchmarking"

Bedryfsnavorsing en 'benchmarking' van sleutelaktiwiteite (produksie, verwerking, logistiek, ensovoorts.), plaaslik en internasionaal, is belangrik vir die uitwys van uitdagings en ondoeltreffendhede in ons bedryf. Dit dien as belangrike brondokument vir enige onderhandelinge of gesprekke rakende beleidsformulering, strategiese beplanning van verskeie kapasiteite in die bedryf soos verwerking, plantmateriaal, ander inset verwante groei, logistiek, nuwe markte ensovoorts.

Die insameling van data, verwerking daarvan en vertolking van markinligting is belangrik tot die bevordering van 'n deursigtige markomgewing. Dit sluit plaaslike sowel as internasionale inligting in.

Die bedryf het sedert 2010 getoon dat die verdubbeling in volumes moontlik is in jare met gunstige weersomstandighede, terwyl die VSA produksieverliese van ongeveer 100 000 ton ervaar het. 'n Belangrike strukturele verandering is die internasionale produksie van Thompsons, juis weens die feit dat Suid-Afrika en die VSA in kompetisie is vir die voorsiening van kwaliteit Thompson-rosyntjies. **Wat egter as risiko ervaar word is dat ons nie konstant die mark kan voorsien en gereeld volumes organies kan groei nie.** Die groot variasie in Goue- en Thompson rosyntjies moet op 'n ordelike wyse aangespreek word ter bevordering van SA se internasionale markte. Daar word wel 'n poging van stapel gestuur om 'n handelsmerk vir goue-rosyne te skep, met vereistes wat moontlik ondersteuning hierop kan bied.

Die figuur hieronder illustreer waar groei (afname) in produksie internasionaal plaasvind.




**FIGUUR 13: WÊRELDPRODUKSIE IN DIE NOORDELIKE EN SUIDELIKE HALFROND, OOR DIE TYDPERK 2013-2023**

Die vernaamste invoerders van rosyntjies sedert 2014-2023 word getoon in Figuur 14. Die grafiek bevestig dat die VK die enkele grootste bestemming is vir rosyntjies, gevolg deur Duitsland in die tweede plek, derdens Nederland, daarna Japan en Indië in die vyfde plek.




**FIGUUR 14: WÊRELD INVOERE VIR DIE TYDPERK 2014-2023**

Suid-Afrika is hoogs gekonsentreerd in die Europese mark (EU), met totale verskepings uit Suid-Afrika van net onder die 50%. Duitsland is 'n belangrike mark en het sterk gegroei oor die afgelope vyf tot ses jaar. Gesien in 'n tradisionele handelskonteks, het Suid-Afrika 'n relatiewe klein markaandeel in die VK, in vergelyking met die Suid-Afrikaanse varsvrugtebedryf. Marknavorsingswerk wat gedurende 2019 afgehandel is, het aangedui dat daar groeigeleenthede vir SA in die VK is. **'n Sleutelstrategie/boodskap wat gedryf word deur Raisins SA is dat voedselveiligheid (MRL'e) 'n sterker aankoop oorweging moet raak vir die VK kopers.** As ons in hierdie boodskap kan slaag, gaan daar groot bewegings in die mark plaasvind ten gunste van ons bedryf, aangesien dit waarskynlik ons enkel grootste verkoopspunt is. Daar is ook die potensiaal om wesenlike vordering te maak in die verband. Dus is daar vir die eerste keer twee veldtogte aangepak in die VK mark, naamlik: Beautiful Country, Beautiful Raisins en Dried Fruit Alliance.

Sedert die aanvang van die VK veldtogte, het die SA se volumes, na die spesifieke mark, gegroei vanaf 2 770 (2019) na 6 676 (2020). In 2021 was die totale uitvoere na die VK 7 109 ton, dus 'n groei van van 156% sedert 2019. In 2022 het die uitvoere na die VK afgeneem na 3 754 ton ('n afname van 47,19%), met 'n styging van 10,95% in 2023 (4 165 ton). Dit kan toegeskryf word aan die dreigende resessie wêreldwyd, met 'n sterker klem op prys.




**FIGUUR 15: HOOF-UITVOERMARKTE VIR SUID-AFRIKAANSE ROSYNE (2023)**

Die bedryf is onder druk om die oes ten volle uit te verkoop voor die nuwe seisoen, dus beklemtoon dit die noodsaaklikheid vir beter organisering en selfs kontraksluiting per produktipe tussen verpakkers en produsente. Die onderstaande grafiek toon uitvoere van sleutel produksie-gebiede oor die afgelope nege jaar. Die vooruitsigte is dat indien 'n seisoen met gunstige weerstoestande ervaar word, SA volumes sal toeneem tot 100 000 ton.




**FIGUUR 16: GROEI IN INTERNASIONALE UITVOERE, OOR DIE TYDPERK 2013-2023**

*Bron: Trade Maps, 2023*

**uitvoerdata vir 2023 is nog nie beskikbaar vir Oesbekistan, Afghanistan en Ander nie. 'n Gemiddeld van die afgelope vier jaar is dus gebruik om die groei in uitvoere te bereken vir 2022/23.*

## 2) Marktoegang

SAGAP is nou goed op dreef - alhoewel dit nie perfek is nie word dit deurentyd verbeter. Hierdie is alreeds 'n groot tree in die regte rigting t.o.v. naspeurbaarheid, higiëne en voedselveiligheid. Jaarlikse aanpassings tot MRL'e is sekerlik die heel belangrikste marktoegangselement. Die R&D portefeulje werk steeds op hierdie gebied en ook in oorleg met Frucom kommunikeer ons die nuutste verwikkelinge aan die waardeketting. Op die huidige oomblik is daar 'n sterk dryf om $CO_2$ se limiete af te bestuur en word daar saam met Frucom en ander droogvrugte bedrywe gewerk. Die beheer van peste en plae word voorsien om ook meer toenemend relevant te word, sowel as die konsep tot volhoubaarheid wat veral etiese optrede in terme van arbeid insluit. Ons is werksaam om 'n "social pact" in plek te kry om die risiko aan te spreek.

## 3) Marktoegang en Markontwikkeling

Markontwikkeling vir groeiende volumes in die bedryf sal baie belangrik wees tot die volhoubaarheid van die bedryf. Om konstant dubbelsyfergroei in produksie te behartig, sonder om te kompenseer op die prys, is 'n moeilike en selfs onrealistiese verwagting.



## 5.3. Bemarkingsadvieskomitee

Die Raisins SA Marketing Forum (RSAMF) dien as besprekingsplatform waar markrisiko-verwante sake bespreek word om aan die direksie van Raisins SA raad te verskaf. Die komitee word aangewend om sleutelmarkkwessies soos voedselveiligheid, MRL'e, oesskattings, markontwikkeling ensovoorts te bespreek.

**Die doelwit van die komitee is as volg:**

- Om markrisiko's (fitosanitêre risiko's, MRL'e, voedselveiligheid, tariewe, logistieke uitdagings, ensovoorts.) in die bedryf te identifiseer en te bespreek, waar die nodige regstellende stappe in plek gestel kan word om die risiko's te verminder of uit die weg te ruim, byvoorbeeld SAGAP.
- Om te verseker dat akkurate inligting gedeel word (onder bedryfsrolspelers, die media, ensovoorts.) en sodoende dus deursigtigheid in die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf te bevorder.
- Terugvoer te gee opsigte van marktoegang en die ontwikkeling van markte te bevorder.

Die komitee is in werking gestel op 28 Februarie 2020 tydens sy eerste amptelike vergadering. Die komitee is saamgestel uit alle rosyntjieverpakkers, asook -produsente verteenwoordigers. Vanuit hierdie komitee word twee verpakkers jaarliks afgevaardig om op Raisins SA se direksie

| Komiteelid | Instansie |
|---|---|
| **Willem Bestbier** | Onafhanklik (Voorsitter) |
| **Johannes Fourie** | Raisins SA Direksie voorsitter |
| **David van der Merwe** | Raisins SA Direkteur |
| **Van Zyl Vorster** | Raisins SA Direkteur |
| **Santjie Coetzer** | Pioneer Foods |
| **Nico Koch** | Pioneer Foods |
| **Stephan Kruger** | Prosperitas |
| **Peter Kuilman** | RedSun Raisins |
| **Gog van der Colff** | Carpe Diem Raisins |
| **Pieter Roos** | Carpe Diem Raisins |
| **Ferdie Botha** | Raisins SA |
| **Madene Conradie** | Raisins SA (Sekretaresse) |



## 5.4. Hoëvlak projekterugvoering

Hierdie afdeling sal spesifiek fokus op sleutelprojekte wat gepaard gaan met markintelligensie, -toegang en -ontwikkeling. Elke projek sal bespreek word ten opsigte van die projek se doelwitte, vordering en tydsduur.

**Tabel 3: Marktoegang, navorsing, 'benchmarking' en ontwikkeling – projekopsomming vir 2023**

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| **Bedryfsnavorsing, 'benchmarking' en markintelligensie** | | | |
| **Bemarkingsforum** | Bemarkingsforum vergader ter bespreking van sleutel markaangeleenthede. Fokus is op oesskattings en kommunikasie internasionaal, afskop van nuwe bemarkingsveldtogte en die bevordering van volhoubare marktoegang. | Drie keer per jaar. | Deurlopend |
| **Waardeketting studie deur EVDW** | Ondersoek SA rosynebedryf se prestasie oor die afgelope jaar en bepaal kwelpunte, sowel as areas van prestasie. | Projek afgesluit in 2022 met nodige aanbevelings. | Afgehandel |
| **Oesskattings en weeklikse inname** | Oesskattings is kritiese inligting om markte in te lig oor gebeure in belangrike produksiegebiede. Dit sluit deelname in aan die INC en Sultana konferensie statistiek en publikasies. | Ten volle geïmplementeer.<br><br>Word jaarliks opdateer met die nuutste inligting. | Jaarliks |
| **Analise van marktendense (industrie statistiek boekie)** | Om marktendense te bepaal in terme van produksievolumes (aanbod), produkkategorieë, historiese pryse, wisselkoers, markaanvraag, uitvoervolumes, invoervolumes, plaaslike verbruik, ensovoorts.<br><br>Hierdie inligting is noodsaaklik om verskeie lede van die waardeketting beter in te lig oor strategiese beleggingsbesluite. | Ten volle geïmplementeer.<br><br>Word jaarliks opdateer met die nuutste inligting. | Jaarliks |

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| **Handelsverslag: Agrihub** | Die insameling en verspreiding van maandelikse handelsdata. Dit dien as 'n sleutelfunksie om markgroei (afname) te kan kwantifiseer. | Ten volle geïmplementeer. | Maandeliks |
| **Vermenigvuldigingseffek van die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf** | Om die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf se sosio-ekonomiese impak binne die konteks van die volgende te kwantifiseer:<br>• BBP-bydrae (ekonomiese uitsette)<br>• Verdienste op buitelandse geldeenhede<br>• Fiskale bydrae in belasting en heffings<br>• Werkskepping.<br><br>Bogenoemde feite is noodsaaklik in enige van ons beleidsgesprekke met sleutelbelanghebbendes soos die regeringsdepartemente, georganiseerde landbou, internasionale markte, skenkers, ensovoorts. | Die projek is in Julie 2019 voltooi, met die gepubliseerde uitslae beskikbaar aan alle lede. | Elke vier jaar |




KOSTEGIDS 2023

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| **Ekonomiese/finansiële maatstafbepaling (kostegids)** | Om maatstawwe te bepaal en bedryfsnorme vir rosyntjieproduksie te verskaf. | Twee verskillende inisiatiewe:<br>• Vinpro/Raisins SA<br>• Frudata | Jaarliks |
| **Marktoegang** | | | |
| **Projek GAPP word geloods** | Projek GAPP word geloods waar gekyk word na gradering, oudits en droogbane in samewerking met I-plan, asook beste praktyk publikasies.<br><br>Navorsingswerk op gradering sluit die VSA en Australië in. Plaaslike bedrywe is gekonsulteer wat grane, oliesade en die vleisbedryf insluit.<br><br>Dienooreenkomstig is die volgende opgestel:<br>• Riglyne vir die neem van verteenwoordigende monsters tydens inname;<br>• Produkspesifikasies per produkkategorie, sluit die ontwikkel van nuwe kleurkaarte in;<br>• Inwerkingstelling van lugstroomsorteerders waar meer as 80% van die bedryf daartoe ingestem het. Standaardisering van Van Geen Waarde- en Industriële graad produk.<br>• Ontwikkeling van 'n nuwe appèlgraderingsmeganisme wat ten doel het om enige ontevrede saak oor hergradering aan te hoor en uitklaring te gee.<br>• Opleiding van produsente en verpakkers van die inname standaarde.<br><br>Lugstroomsorteerders word installeer en gekalibreer sedert die aanvang die aanvang van die 2021 seisoen. Die appèlgradering word dienooreenkomstig geïmplementeer. | Gradering en oudits is afgehandel Desember 2020.<br><br>Droogbane en beste praktyke handleiding is 'n drie jaar projek en sal teen Desember 2023 afgehandel wees.<br><br>Gradering vir implementering 2021, sal dienooreenkomstig verder ontwikkel word. | Deurlopend |

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| **SAGAP** | Groot regstellings is gemaak na die aanvanklike implementering van SAGAP. Kategorisering van stelsel word geïmplementeer, gebaseer op risiko verwante aspekte tot droging van varsvrugte. Hierdie risiko-gebaseerde stelsel is onderhandel met PPECB en die standaard vir rosyne is hersien in samewerking met produsente, verpakkers en PPECB. Hierdie het wesenlike kostebesparings vir die bedryf, beraam op ongeveer R2m per jaar.<br><br>Baie moeite is gedoen om inligting rakende die SAGAP-oudit in 'n maklik verstaanbare manier oor te dra aan produsente en die proses so maklik as moontlik te implementeer. Verskeie werkswinkels is met produsente hanteer om inligting te kan oordra, dit sluit ook 'n kort video in om stap vir stap die proses te verduidelik.<br><br>Inwerkingstelling van Agrihub wat die bedryf se databasis opdateer het en 'n stoksensus is vir die eerste keer in die afgelope twee dekades volledig afgehandel. Dit is 'n groot tree in die regte rigting. Meer as 200 produsente is bygestaan om PUC en DF nommers te registreer.<br><br>Raisins SA ondersteun die uitreik van sertifikate, om die tekortkominge aan stelseluitdagings by PPECB aan te spreek. | SAGAP opgedateer.<br><br>Kategorie stelsel in plek gestel toegelig deur voedselveiligheid en naspeurbaarheid risiko's.<br><br>Agrihub as databasis is in plek vir naspeurbaarheid. | Deurlopend |
| **Minimum plaaslike produk standaard vir SA** | Gedurende 2021 het Raisins SA 'n koördineringsrol gespeel om minimum binnelandse- en uitvoer standaarde na te sien en aanbevelings aan die Nasionale Departement se afdeling te maak. | Insae is ingedien by Departement, dit is goedgekeur en uitgereik Maart 2023. | Elke vier jaar |
| **Januarie 2022 'hittegolf'** | Sosiale/etiese aspekte tot die verbouing van ons produk is sleutel vir marktoegang.<br><br>In samewerking met SIZA en SATI is daar onmiddelik beste praktyk aanbevelings gemaak. Dit is ook in die lig van die verwagte impak van klimaatsverandering, met rekord temperature wat aangeteken was vir 2022. | Gedurende die eerste kwartaal is aksie geneem om media navrae, amptelike regerings en mark navrae te hanteer. | Deurlopend |

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| **Markontwikkeling** | | | |
| **Beautiful Country, Beautiful Raisins** | Hierdie promosie-veldtog fokus hoofsaaklik op besigheid-tot-besigheid en handel in die VK, sowel as Duitsland. Bemarkingsaktiwiteite sluit in die verspreiding van persverklarings, advertensies, LinkedIn plasings en 'n handelsreis in 2022 na die Noord-Kaap. Die veldtog fokus op die bedryf se unieke verkoopspunte en poog om SA se markaandeel in die VK sowel as Duitsland te verhoog. | Tussen 2021 en 2023 is 'n afname van 41% gesien in die VK mark, met 'n toename tussen 2022 en 2023 van 10,95% (ten spyte van klimaatsuitdagings). Die verlaging kan toegeskryf word aan 'n dreigende resessie. Die handelsreis met verskeie VK aankopers het baie goed afgeloop. | Deurlopend |
| **Dried Fruit Alliance** | 'n Internasionale poging word aangewend om verkeerde inligting aan te spreek t.o.v. droëvrugte in die wêreld se grootste markte. Dit sluit samewerking tussen VSA, Turkey, SA, Australië, Chili en Argentinië in. | Positiewe reaksie het gevolg met meer as 184 miljoen verbruikers wat bereik was in die proses. | Jaarliks vanaf 2020 |
| **Sam Linsell** | Raisins SA finaliseer 'n ooreenkoms met Sam Linsell, een van Suid-Afrika se bekendste 'foodies', vir die ontwikkeling van maandelikse rosyntjieresepte. Die resepte word op ons webtuiste en sosiale platvorms gedeel en is 'n sleutel tot ons generiese promosie aksies. | 1 resep word maandeliks vrygestel. | Deurlopend |




SAM LINSELL RESEPTE




SA SULTANA INLIGTINGSBLAD

BEAUTIFUL COUNTRY, BEAUTIFUL RAISINS




HITTEGOLF BEHEER

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| **Samewerking met plaaslike en internasionale instansies ter bevordering van gebruik van droëvrugte** | Die doel van die samewerking is om bemarkingsmoontlikhede te ondersoek en om mense weer oor rosyntjies te laat dink. Plaaslike verpakkers, Dried Fruit SA, Dried Fruit Alliance, International Nut and Dried Fruit Council (INC), Red Communications ensovoorts. | Deurlopend besig met projekte | Deurlopend |
| **SA Sultana projek** | Met groeiende volumes is dit belangrik om na SA se produksamestelling te kyk en strategies te beplan. Die 'ou WP' kategorie is onderbenut en daar is potensiaal om hierdie produk beter te posisioneer. 'n Eerste regstelling wat onderneem was, was om die naam te verander (SA Sultana), kwaliteit spesifikasie in plek te stel en die produk te ondersteun deur 'n promosie aksie, internasionaal. | Deurlopend besig met projekte. | Deurlopend |
| **Ad hoc** | | | |
| **Persverklarings** | Om akkurate, deursigtige inligting aan die mark te lewer en sodoende te verseker dat Raisins SA as 'n geloofwaardige bron van inligting beskou word. | Deurlopend besig met projekte. | Deurlopend |
| **Hanteer van navrae** | Navrae, verwysings en algemene klagtes word reaktief hanteer deur Raisins SA. | Deurlopend besig met projekte. | Deurlopend |

## 5.5. Lesse geleer

**Die volgende lesse is oor die afgelope jaar geleer:**

- Die 2022/23 seisoen was 'n uitdagende seisoen weens weerstoestande, met 'n verlaging in produksievolumes van ongeveer 44%.
- Volumes groei sterk oor die afgelope tien jaar in die bedryf en noodsaak optrede wat kan bydra dat volumes steeds bemark kan word, sonder om te kompenseer op die eenheidswaarde van ons produk.
- 'n Groot agterstand heers by generiese bemarkingsaksies, plaaslik sowel as internasionaal.
- Aandag aan plaaslike regerings se voedselprogramme moet ondersoek en onderneem word, met ongeveer 11 miljoen kinders wat deel uitmaak van ons primêre- en sekondêre skoolopleiding. As slegs 50% kinders bereik kan word deur skoolprogramme, kan dit 'n wesenlike verhoging in verbruik stimuleer, sowel as 'n kultuur van rosyne verbruik bevorder.
- Ongelukkig is 'n generiese promosie aksie 'n langtermyn georiënteerde aksie, terwyl onmiddellike resultate verwag word.
- Markintelligensie is noodsaaklik om deeglike besluite te neem oor die langtermyn; maar dit verg tyd, fondse en kundigheid om die nodige stelsels te ontwikkel, in plek te stel en voortdurend te diensovoorts. Tans is daar nie 'n toegewyde persoon om sy/haar volle aandag aan hierdie funksie te wy nie.
- Kapasiteit en kundigheid op die gebied is belangrik en is 'n wesenlike leemte wat gedeeltelik aangespreek word deur gebruik van eksterne partye.
- Die versameling en 'besit' van 'inhoud' soos resepte, foto-materiaal, 'stories oor die bedryf', geskiedkundige gebeurtenisse, ensovoorts, is 'n duur en tydsame proses. Groot leemtes bestaan in hierdie verband, maar geniet wel aandag sedert 2019.
- Inligting moet akkuraat en vinnig met die mark gedeel word.
- Inklusiewe gesprekke met produsente en verpakkers is 'n sleutel tot inligting wat uit Suid-Afrika na die internasionale gemeenskap vloei.
- Sleutelaspekte soos voedselveiligheid, naspeurbaarheid, etiese handelspraktyke en sosiale verantwoordelikhede sal dringend moet aandag geniet. 'n Stelsel wat monetêr onderskeid kan tref sal produsente aanspoor om vinniger op die gebied vordering te toon.
- 'n Sterk ondersteuningstelsel is nodig, wat verder met veral die inligting- en kommunikasieportefeulje geïntegreerd moet saamwerk.

## 5.6. Slotsom

Gedurende en na die Covid-19 pandemie, is daar opnuut fokus geplaas op gesonde leefstyle internasionaal; 'n sleuteltendens waarop rosyne moet kapitaliseer as 'n gesonde produkkategorie. Ons is kern belangrik om hierdie boodskap oor te dra om die wêreldvraag na ons produk te stimuleer, wat redelik onveranderd die afgelope dekades was.

Nagenoeg 86% van totale rosyntjieproduksie word uitgevoer na verskeie markte wat Duitsland, Frankryk, Nederland, Kanada, VSA, die VK, Algerië en ander insluit. Dit beklemtoon ons bedryf dus onvoorwaardelik as 'n uitvoer georiënteerde bedryf. Dit stel ons verder ook direk bloot aan plaaslike beleidsverandering en enige verandering in die globale markomgewing waarin ons meeding, gekenmerk deur bewegings en onsekerhede geskep deur 'n verskeidenheid van faktore. Die pandemie is 'n sprekende voorbeeld. Dit het gewys dat die vraag na Goues beïnvloed word terwyl die vraag na Thompsons en SA Sultanas steeds goed is.

Aksies wat onlangs geloods is, is daarop gemik om ons bedryf beter te voorsien van kritiese markinligting oor markbewegings en marktendense. Hierdie portefeulje sal groei in sy belangrikheid waar integriteit en akkurate inligting baie belangrik is tot die skep van waarde.

*'n Groot eerste tree is gegee om ons bedryf in generiese terme te bemark. Die fokus hiervan is om ons produk te posisioneer as 'n premie-produk!*





# 6. TRANSFORMASIE

## 6.1. Oorsig van portefeulje

In Suid-Afrika word transformasie in die landbousektor van die grootste belang vir die stabiliteit en vooruitgang van ons land se demokrasie beskou. Transformasie word in hierdie konteks gedefinieer as die ontwikkeling en implementering van toepaslike programme om ons opkomende swart produsente te ondersteun om die sprong van opkomende na kommersiële rosyntjieprodusent te maak en om terselfdertyd hul marktoegangsgeleenthede uit te brei.

Die volgende strategiese doelwitte word ingesluit as deel van die Transformasie portefeulje (KPA 5), soos uiteengesit in **"PROJECT RISE":**

- **Strategiese doelwit 1: Transformasiekapasiteit**
- **Strategiese doelwit 2: Ontsluit kwekerpotensiaal**
- **Strategiese doelwit 3: Goeie korporatiewe burger**
- **Strategiese doelwit 4: Alliansies**

Figuur (17) illustreer die algehele bestuur, verantwoordelikhede, strategiese doelwitte, strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers en hulpbrontoewysing.




**FIGUUR 17: ILLUSTRASIE VAN OORSIG VAN DIE TRANSFORMASIE PORTEFEULJE**

## 6.2. Fokusareas

Ingevolge die aanbevelings van die NAMC is Raisins SA verplig om 20% van die organisasie se statutêre heffing aan transformasie-aktiwiteite te bestee. Gevolglik is ons transformasiefonds gemik op die volgende aktiwiteite:

- Ondernemingsontwikkeling (60%)
- Bestuur van ons transformasieportefeulje (17%)
- Vaardigheidsontwikkeling (18%)
- Sosio-ekonomiese ontwikkeling (5%)

Ons transformasieplan word bepaal deur die NAMC se riglyne, soos verskaf op 30 Mei 2018, en goedgekeur deur die NAMC se transformasie- en oorsigkomitee op 23 April 2019.

**Raisins SA se Transformasiekomitee se samestelling is as volg:**

| Komiteelid | Instelling |
|---|---|
| **Simoné Oliphant** | Raisins SA |
| **Nico Moloto** | PepsiCo (Voorsitter) |
| **Suzette Bosman** | IDC |
| **Desiree Adams** | VAMF (Sekretaresse) |
| **Lillian Senosi** | Departement van Landbou |
| **Anthony Mac Minn** | Sol Plaatjie Universiteit |
| **Abi Messelaar** | NAFU |
| **Wiaan Janse van Rensburg** | Agri Noord-Kaap |
| **Brian Makhele** | NAMC |
| **Earl Loxton** | Opkomende produsent |
| **Petrus Grobler** | Oursource |
| **Llewellyn Adams** | Voorsitter: EAC |

## Fondse ingesamel vir ons transformasie-aksies vir 2023

Die statutêre begroting vir Raisins SA se transformasie portefeulje was R2 168 260,20 miljoen vir die 2023-boekjaar. Totale besteding was egter R4 052 294, en verteenwoordig 23,87% van totale besteding. Bykomende fondse ter waarde van ongeveer R1 884 033 miljoen is addisioneel ingevorder vir die transformasie portefeulje.




**FIGUUR 18: TRANSFORMASIE INKOMSTE VIR 2023**

2023 was 'n ongelooflike jaar vir transformasie, aangesien ons daarin geslaag het om fondse vir ondernemingsontwikkeling te bekom, wat altyd 'n uitdaging vir die portefeulje was. Dit het ook 'n nuwe rol aangeneem, waar Raisins SA die rol van BDSP (Business Development Service Provider) begin speel het. Ons het nou befondsers aangemoedig om fondse aan ons te gee om projekte te help bestuur en te implementeer. Ons het ook 'n poging aangepak om droogfasiliteite vir ons vroue in die boerdery te vestig om produsente aan te moedig om die produk van die grond af te lig vir beter gehalte. Dit is 'n deurlopende projek en ons wil die komende jaar nog meer vroue bemagtig.




- Ondernemingsontwikkeling
- Vaardigheidsontwikkeling
- Sosio-ekonomiese ontwikkeling
- Bestuurskoste

**FIGUUR 19: ADDISIONELE TRANSFORMASIE INKOMSTE, 2023**



## Fondse bestee 2023

’n Groot fokuspunt in 2023 was die aanplant van wingerde en ook die opgradering van droogfasiliteite. Ons het steeds ’n groot besteding aan vaardigheidsontwikkeling gehad en het ook daarin geslaag om internasionale befondsing vir die Transformasieportefeulje te bekom. Trade Forward Southern Africa was opleiding wat daarop gemik was om vroue in die agri-sektor se vaardighede op te gradeer. Ons het verskillende onderwerpe behandel, soos voldoening aan vereistes, logistiek, en inleiding tot handel. Raisins SA het ook ’n beursprogram saam met Scatec van stapel gestuur wat ’n reuse sukses was en hoop om nog meer beurse vir die HMO-skool te bekom.

Die meerderheid van die heffingsfondse bestee in 2023 was aan vaardigheidsontwikkeling. Opleiding is vir ons ’n groot fokus, asook in die vorm van ondersteuning aan die opleiding wat plaasgevind het. Bykomende befondsing vir ondernemingsontwikkeling ter waarde van R10 miljoen is ontsluit.




**FIGUUR 20: TRANSFORMASIE BESTEDING VIR 2023**



| **Totaal** | **Vaardigheids-ontwikkeling** | **Bestuurskoste** | **Ondernemings-ontwikkeling** | **Sosio-ekonomiese ontwikkeling** | **Totale transformasie inkomste** |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 283 391,00 | 1 208 299,00 | 790 331,00 | 770 273,00 | 4 052 294,00 |
| **Addisioneel** | **Vaardigheids-ontwikkeling** | **Bestuurskoste** | **Ondernemings-ontwikkeling** | **Sosio-ekonomiese ontwikkeling** | **Totale addisionele inkomste** |
| | 893 104,16 | 839 694,77 | -510 625,12 | 661 859,99 | 1 884 033,80 |
| **Heffing** | **Vaardigheids-ontwikkeling** | **Bestuurskoste** | **Ondernemings-ontwikkeling** | **Sosio-ekonomiese ontwikkeling** | **Totale heffingsinkomste** |
| | 390 286,84 | 368 604,23 | 1 300 956,12 | 108 413,01 | 2 168 260,20 |
| | 31% | 29% | 20% | 20% | 100% |

**FIGUUR 21: GEDETAILLEERDE TRANSFORMASIE BESTEDING/INKOMSTE VIR 2023***

*Soos per formele toestemming vanaf die NAMC ontvang, mag fondse herallokeer word binne die transformasie portefeulje (grotendeels om vaardigheidsontwikkeling verder te bevorder).



## 6.3. Hoëvlak projekterugvoer

**Tabel 4: Transformasieprojekte - projekopsomming 2023**

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydperk |
|---|---|---|---|
| **Ondernemingsontwikkeling** | | | |
| **Marktoegang en toegang tot produkfinansiering** | Verskaf marktoegang en finansiële ondersteuning aan ten minste 50 produsente. | Kredietfasiliteit by rosyntjieverwerkers.<br>Ons het 80 opkomende produsente bygestaan met net meer as R3.2 miljoen se rentevrye lening te bekom deur 'n vennootskap met PepsiCo. | Jaarliks |
| **Plaasinfrastruktuur en insette** | Verhoog produksiebasis en vermoë om inkomste te genereer. Voorsien HDI-produsente van topgehalte kwaliteit plantmateriaal. Nuutste kultivars. Dit sal vir 'n tydperk van drie jaar wees. | Plaasontwikkeling: grondvoorbereiding, plantmateriaal, kunsmis, pale, drade, dreinering (holistiese benadering tot wingerdontwikkeling). Voorsien sewe produsente van plaasontwikkeling bystand. Ons het daarin geslaag om drie produsente te voorsien van R200k elk, befondsing afkomstig vanaf van AgriEnterprise. 'n Kontrak is ook gesluit met Carpe Diem Raisins, en strek oor die volgende drie jaar – die befondsing sal die vroueprojek bystaan en ongeveer 28 vroue ondersteun. | 1-3 Jaar |
| **Kommersialisering van swart opkomende produsente** | Versterk opkomende kwekersbesigheid. Verbeter volhoubaarheid vir produsente. Die doel is om van opkomende tot kommersiële produsent te vorder. | Versterking van interne proses, goeie korporatiewe bestuur, infrastruktuurondersteuning. Ons sal produsente op 'n glyskaal ondersteun om volhoubaarheid te verseker en 'n kultuur van opkomende produsente wat eienaarskap neem, te implementeer. Twee projekte ter waarde van R20m is geïmplementeer en gemonitor deur Raisins SA. Die befondsing het vanaf Kgodiso Development Fund gekom. | 5 – 10 Jaar |
| **Pyplyn ontwikkeling** | Die doel is om besigheidsplanne te finaliseer wat finansiering kan verseker.<br><br>Die fokus sal wees op mega Agri-projekte, met die potensiaal om die onmiddellike omgewing te verander. | Besigheidsplanne en/of uitvoerbaarheidstudies. Ons het 'n besluit geneem om slegs met 'n projek te help sodra daar 'n goedgekeurde besigheidsplan in plek is om die sukses van 'n projek te verseker. | Alle projekte begin met 'n besig-heidsplan om volhou-baarheid te verseker. |

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydperk |
|---|---|---|---|
| **Vaardigheidsontwikkeling** | | | |
| **Tegniese bystand en reguleringsdiens** | Vyf voorligtingsbeamptes wie ook 'n diens lewer aan ongeveer 200 opkomende produsente. Hierdie projek sal op die langtermyn 'n groot impak op die industrie hê. | Voorligtingsbeampte-program, om beste praktyke te ontwikkel. Die program is gefokus op die oordrag van tegniese vaardighede aan voorligtingsbeamptes van Departement Landbou, om swart produsente regoor die provinsie verder te ondersteun. | Elke vier jaar |
| **Gestruktureerde kursusse** | 6M opleiding vir 236 plaaswerkers Universiteit Stellenbosch// Raisins SA + SATI modulêre kursusse - 30 produsente | 6M opleiding– holistiese plaasbestuursopleiding. | Jaarliks |
| **Internasionale/ binnelandse georganiseerde toere** | Bevorder die kennisbasis van ons vooraanstaande opkomende produsente. | Bied internasionale blootstelling om kennis te verkry van beste praktyke, nuutste tegnologie, toonaangewende tendense in globale konteks, ensovoorts. | Jaarliks |
| **Transformasiebestuur** | | | |
| **Interne transformasiebestuur** | Kweek ontluikende sektor, ontwikkel en verbeter menslike kapitaal, bevorder sosiale samehorigheid. | Toegewyd aan die portefeulje: suksesvolle uitvoering van projekte, ontwikkel en dryf vennootskappe, gebruik fondse, bevorder ons opkomende produsente, bou bedryfstransformasiekapasiteit/-vermoë.<br><br>Ontplooiing van voorligtingsbeampte van Noord-Kaapse Departement van Landbou.<br><br>74 gegradueerdes in die stelsel. | Elke twee jaar |

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydperk |
|---|---|---|---|
| **Sosio-ekonomiese ontwikkeling** | | | |
| **Mandela dag** | Raisins SA span spandeer die dag saam met die gemeenskap en gee terug. | Gemeenskapsopheffingsprojekte en kospakkies vir 300 mense van Upington (Paballelo). | Jaarliks |
| **Gesondheid en welstand** | Bewusmaking onder die gemeenskap rakende ons produk. | Rosyntjiepakkies en produkbewustheid vir Covid-19.<br>Ons het in vennootskap met sosiale ontwikkeling aangegaan om kospakkies uit te deel aan die mense wat tydens Covid-19 sonder kos gegaan het. | Jaarliks |
| **Jeugontwikkeling** | Finansiële bystand aan sportklubs in gemeenskappe. | Borg van sportsklere vir twee sokkerspanne (Groblershoop en Upington). | Jaarliks |



## 6.4. Lesse geleer

**In 2023 is verskeie lesse geleer oor die uitvoering van ons verantwoordelikhede. Die volgende is 'n opsomming hiervan:**

- Nie alle befondsing is geskik vir produsente nie en dit is ook ons taak as bedryf om verskeie befondsingsterme en voorwaardes te verstaan.
- Transformasie is deurlopend.
- Produsente moet verantwoordelikheid neem vir hul projekte en ook deel wees van die implementeringsproses.
- Gemengde befondsing is die roete wat ons met produsente moet volg, suiwer leningsfinansiering sal nie vir hulle werk nie.
- "Due diligence" maak of breek 'n projek, so spandeer addisionele tyd daaraan en maak seker maak seker alle dokumentasie is in plek.
- Tegnologie is belangrik vir die ontwikkeling van ons produsente.
- Volhoubaarheid is die kern van al ons projekte wat ons aanpak.
- Dit is belangrik om die behoefte van die produsent te verstaan en die produsent by elke stap van ontwikkeling in te sluit.

## 6.5. Slotsom

Ons is trots op die werk wat ons doen, en ons glo ons maak 'n groot impak.

Vennootskappe is 'n groot deel van die sukses van die Transformasie-portefeulje. Ons het suksesvol saam met ons produsente 'n kultuur in Raisins SA geskep dat hulle nie net hulp moet verwag nie, maar ook iets na die tafel toe moet bring.
Die Transformasie portefeulje het sy fokus na volhoubare ontwikkeling behou en hard gewerk om fondse te verseker om projekte volhoubaar te maak.

Ons het oor die jare daarin geslaag om goeie vennootskappe te bou en het ook befondsers wat ons nader om projekte te implementeer. Vennootskappe is deurslaggewend vir hierdie portefeulje aangesien ons nie al hierdie uitdagings alleen kan aanpak met slegs ons heffingsfondse nie. Die grootste mylpaal was om belanghebbendes te kry om in ons ondernemingsontwikkelingskomponent te belê, want dit is waar die volhoubaarheid vir ons swart produsente lê. Die bedryf het daarin geslaag om beleggingsfokus na "Ondernemingsontwikkeling" te verskuif, wat 'n uiters groot oomblik in die geskiedenis van Raisins SA is.





# 7. BDSP – Besigheidsontwikkeling strategiese vennoot

## 7.1. Oorsig van portefeulje

Sedert die inwerkingstelling van Raisins SA is daar deurentyd 'n strewe na 'n gesonde en volhoubare wingerd- en droogbedryf - dit begin by suksesvolle produsente en produksie eenhede. Vir hierdie rede die inwerkingstelling van 'n BDSP afdeling (Business Development Strategic Partner). Die afdeling se primêre doel is om produsente van die nodige ondersteuning en raad te kan bied op alle fasette van die boerdery soos benodig, vanaf finansies tot produksievlak.

Sien figuur 22 vir 'n oorsig van die Besigheidsontwikkeling strategiese vennoot portefeulje.

## 7.2 Fokusareas

- Opstel van 'n besigheidsplan.
- Bestuur van finansiële produksie uiteensettings. Frudata, Vinpro kostegids.
- Tegniese advisering en versekering dat werk op die regte standaarde geskied.
- Suksesvolle implementering van projekte.
- Opleiding




**FIGUUR 22: ILLUSTRASIE VAN DIE BESIGHEIDSONTWIKKELING STRATEGIESE VENNOOT PORTEFEULJE**

## 7.3. Hoëvlak projekterugvoering

In 2023 het die afdeling formeel begin, vir die wegtrek was die primêre fokus geplaas op die VAMF se produksie, asook die projekte gefinansier deur Kgodiso Development Fund. Daar is in 2023 sowat 16 hektaar gevestig onder die program, asook verdere aksies ter bevordering van die betrokkenheid op die projekte soos algehele besproeiingsbestuurspraktyke en effektiewe dreinering, asook droogbaan infrastruktuur ontwikkeling. Menslike hulpbron ontwikkeling is ook 'n kardinale aspek van hierdie projekte.

Daar is ook met die loods van die program in privaatsektor advisering gebied wat tans wyndruiwe, organiese droogdruiwe en kommersiële plase insluit. Ook word daar dienste gelewer aan PVO's (plantverbeteringsorganisasies).

**Kernfokus van BDSP**

| Aksie | Beskrywing |
|---|---|
| **Strategiese produksie-eenheid beplanning en inwerkingstelling** | • Besigheidsplan<br>• Strategiese belang uiteensetting<br>• Implementering van aksies en tydlyne |
| **Opleiding en tegniese vaardighede ontwikkeling** | Ondersteuning en opleiding aan tegniese personeel en produksiebestuurders. |
| **Peste- en swambestuur** | • Bestuur van fitosanitêre peste en area-wye benadering spesifiek gefokus op Mediterreense vrugtevlieg en Vals Kodlingmot.<br>• Beste volhoubare bestuurspraktyke. |
| **VAMF (Modelplaas en kommersiële ontwikkeling)** | Verseker volhoubare produksie-eenheid |
| **Plantverbetering** | • Stel kwaliteitsparameters in plek.<br>• Identifiseer verbeterings- en risikoparameters. |
| **Opstellings van produksiemodelle** | • Afbreek van koste per eenheid asook inkomstelyne.<br>• Vinpro, Frudata, Senwes. |
| **Weerstasies en vroeë waarskuwingstelsel** | • Bestuur en konstante ontwikkeling van die stelsel.<br>• Onderhoud van stasies.<br>• Kommunikasie van ekstreme kondisies en advisering van tydige bestuur. |

| Aksie | Beskrywing |
|---|---|
| **Oordrag van inligting** | • Studiegroepe<br>• Veld inligtingsessies<br>• Inligtingsdae<br>• Opleiding |
| **Natuurlike hulpbron bestuur** | Gariep Watch watermonitering |
| **Data bestuur en vasvang van inligting** | Rekordhouding sisteme en praktiese uitrolprogramme. |
| **Tegniese konsultasie** | Strategiese belang en gefokusde benadering. |

## 7.4. Lesse geleer

Geskiedkundig was daar al baie projekte geloods en in baie gevalle is daar uitdagings met die hele pakkie. As daar verwys word na die hele pakkie is dit om die konteks van finansiële bestuur tot praktiese inwerkingstelling van die projek te hanteer. In baie gevalle is daar in die proses 'n ontbrekende kettingskakel en deurentydse opleiding en ondersteuning is nodig. Om iets te ontwikkel is die maklike deel van die projek, om dit volhoubaar te kan hou is die uitdaging wat baie meer behels as slegs die inwerkingstelling , en dus bestaan 'n groot komponent daarvan uit opleiding- en vaardigheidsontwikkeling.

Fokus moet sterk geplaas word op basiese beginsels en die rekordhouding daarvan is krities. Alles begin by die regte finansiële bestuur en koördinering van die uitrol van die programme.

Tegnologiese hulpbronne moet maksimaal aangewend word – as voorbeeld:  weerstasies en vogmeters om oor afstande die situasie te kan bestuur en adviseer.

## 7.5. Slotsom

In 2023 is die afdeling in werking gestel en die nodige aanpassings is gemaak om kapasiteit te skep daarvoor. Die kapasiteit is dus geskei sodat Raisins SA 'n gefokusde Navorsing- en ontwikkelingsbestuurder het, asook Landboukundige dienste waarna die BDSP afdeling in 2024 voluit sal fokus op die suksesvolle implementering en ontwikkeling van die tegniese dienste afdeling.

Raisins SA glo met hierdie nuut gestigde afdeling, verseker dit 'n volhoubare produsent, deur grondvlak betrokkenheid by die bedrywe. Ons besef ook die belang van die volhoubaarheid vir die industrie. Met die benadering kan dit ondersteunend wees tot volhoubare hektare en uitstekende kwaliteit vir die wingerdbedryf.



# 8. OORDRAG VAN INLIGTING, KOMMUNIKASIE EN KENNIS

## 8.1. Oorsig van portefeulje

Inligting en kommunikasie is van kardinale belang vir enige bedryfsorganisasie wat in die opemark funksioneer. Om aan die inligtingsbehoefte van die bedryf te voldoen, probeer Raisins SA om betroubare, relevante en tydige inligting te voorsien aan die rolspelers in ons waardeketting. Raisins SA versamel, interpreteer en stel inligting vry wat bedryfsverwant is, met die doel om besluitneming vir alle rolspelers te vergemaklik en dus risiko's te verminder.

Die volgende strategiese doelwitte word ingesluit as deel van die Inligting en Kommunikasie portefeulje (KPA 4), soos uiteengesit in **"PROJECT RISE":**

- **Strategiese doelwit 1: Lede registrasie**
- **Strategiese doelwit 2: Kommunikasie kanale**
- **Strategiese doelwit 3: Openbare betrekkinge/ verhoudings**

Figuur 23 illustreer hieronder illustreer die algehele bestuur, verantwoordelikhede, strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers en hulpbrontoewysing.




**FIGUUR 23: ILLUSTRASIE VAN DIE INLIGTING EN KOMMUNIKASIE PORTEFEULJE**

**Die volgende paragraaf som kortliks formele interaksie vir 2023 op:**

9 nuwe resepte is vrygestel; twee oesskattings is vrygestel deur amptelike persverklarings; 24 weke se inname verslagdoening is hanteer; 12 maandelikse uitvoerverslae is vrygestel vir SA rosyne; kwartaallikse nuusbriewe; die jaarlikse Kostegids en Bedryfsstatistiek is opdateer en gepubliseer. Daar is 26 interaktiewe inligtingsessies gehou wat bygewoon is deur 493 produsente gedurende 2023. Die sessies het die volgende ingesluit: AJV is deur 46 afgevaardigde produsente bygewoon; twee DWPO vergaderings per streek (Olifants- sowel as Oranjerivier), drie bemarkingsforum, drie transformasie komitee en drie tegniese komitee vergaderings is aangebied; die Landboupraatjie is in persoon aangebied en 137 mense het dit bygewoon. Die tweede jaarlikse simposium is aangebied in die Olifantsrivier, met 122 bywoners. Die 493 bywoners sluit die algemene, "tegniese sessies" se bywoning uit.
Deur gebruik te maak van sosiale media platforms is ongeveer 900 000 persone bereik. Ons webtuiste vir die 2023 periode was deur 15 400 mense besoek, waarvan 83% nuwe besoeke was en 17% nuwe besoeke.

Figuur 24 verskaf 'n oorsig oor die koste-samestelling van die portefeulje, wat R1 623 903 beloop en 9,57% van die totale spandering verteenwoordig. Inligting- en kommunikasie besteding se grootste projekte is die industrie gala (waar die kostes deur borge gedek word), velddae (10% - wat die jaarlikse simposium insluit) en publikasies (kostegids, algemene jaarverslag, industrie statistieke en nuusbriewe - 8%.). Personeelkoste verteenwoordig 54% van die portefeulje, waar alle interne en eksterne kommunikasie hanteer word wat die volgende insluit: bestuur van sosiale media, nuusbrief, internasionale kommunikasie, kommunikasie aan produsente, kommunikasie aan verpakkers, persverklarings, die vrystelling van artikels, reël en uitvoer van inligtingsdae en ander. 'n Gedetailleerde uiteensetting van aktiwiteite word vervat in Tabel 5 onder.




**FIGUUR 24: INLIGTING- EN KOMMUNIKASIEBESTEDING VIR 2023**

## 8.2. Fokusareas

**Tabel 5: Kernfokus van Inligting en Kommunikasie**

| Kernfokus | Komponente |
|---|---|
| **Raisins SA profiel** | **Akkurate inligting** |
| **Databasis** | • Jaarlikse opdateer van lede-databasis, sleutel fokus is hektare rosyne (aangeplant, produksie en uitkappings)<br>• Verpakkers<br>• Belanghebbendes |
| **Produksie- en markinligting** | • Hektare gevestig, per kultivar<br>• Ouderdom en samestelling van hektare gevestig<br>• Oesskatting (x3)<br>• Inname volumes (24 weke verslagdoening)<br>• Markverslae/handelsverslae |
| **Publikasie van rosyne-waardeketting inligting** | • Navorsingswerk relevant tot beleidsformulering |
| **Publikasie van Agri-‘benchmarking’** | • Kostegids (Vinpro sowel as Frudata vanaf 2023)<br>• Studie – markposisionering en finansiële evaluering (EVDW) |

| Kernfokus | Komponente |
|---|---|
| **Publikasie van bedryfsverwante kritiese inligting** | • Impak van klimaatsverandering en weerstoestande (ryp, reën, hael)<br>• Watergehalte<br>• Arbeid<br>• Gesondheid en veiligheid |
| **Ontwikkel van bemarkingsmateriaal** | • VK<br>• Plaaslike mark |
| **Internasionale kommunikasie** | • Frucom<br>• INC<br>• NDFTA<br>• Ambassades |
| **Plaaslike kommunikasie** | • Raisins SA nuusbrief (kwartaalliks)<br>• Skakeling met regering<br>• Skakeling met bedryfsliggame<br>• Georganiseerde landbou |
| **Instandhouding van media-platforms** | • Webwerf<br>• Sosiale media<br>• WhatsApp-groepe |
| **Ad hoc** | • SAID<br>• Internasionale kommunikasie<br>• Mededingingsowerheid |



SOSIALE MEDIA

## 8.3. Hoëvlak projekterugvoering

**Tabel 6: Inligting en Kommunikasie - projekopsomming 2023**

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| **Databasis** | • Skep en instandhou van gebruikersvriendelike platform (Agrihub): inligting word vertroulik ingevoer en bewaar.<br>• Opgedateerde ledeatabasis van bedryf.<br>• Opgedateerde stoksensus vir die bedryf. | ’n Ledeatabasis en stoksensus wat op datum is maak deel uit van Raisins SA se basiese verpligtinge onder ons statutêre maatreëls.<br><br>’n Groot poging is aangewend sedert 2019 om naspeurbaarheid, effektiewe kommunikasie en bedryfsinligting so akkuraat moontlik te kan versamel en vertroulik te kan bewaar. ’n Afgetekende databasis as deel van die minimum SA GAP vereiste is in plek gestel om naspeurbaarheid te bevorder in die bedryf, om effektiwiteit te bevorder en dus duplisering van aktiwiteite aangaande naspeurbaarheid te voorkom. Die oorblywende 20% van die lede (2020) se inligting is op datum gebring en 80%+ van lede (2020) se inligting wat reeds op die databasis was is op datum gebring wat ons ledelys en kontakbesonderhede insluit. | Deurlopend |
| **Webwerf** | • Instandhouding van ’n platform waar inligting deurgegee kan word.<br>• ’n Platform waar bedryfsrolspelers maklik inligting kan inwin oor wie en wat ons bedryf verteenwoordig.<br>• Internasionale kopers en rolspelers met sleutelspelers in die bedryf kan verbind soos bv. met ons verpakkers. | Die webwerf was hersien aan die begin van 2022, en ’n nuwe een is ontwerp. Dit word in tyd opdateer, soos nuwe resepte vrygestel word of nuwe inligting beskikbaar gemaak word.<br><br>Daar is ’n spesiale aanteken opsie, waar produsente markintelligensie kan bekom (dit is slegs vir produsente beskikbaar, en die aanteken vereis ’n geldige PUC//DF kode). | Deurlopend |

WEBWERF



| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| **WhatsApp groepe** | WhatsApp groepe volgens Landbou-verenigings is opgestel sodat alle inligting per e-pos, asook per WhatsApp, uitgestuur kan word. | Afgehandel en in werking. WhatsApp groepe werk baie goed, veral vir vroeë waarskuwingsboodskappe. Raisins SA bestuur die groepe en dit word slegs vir baie belangrike bedryfsrelevante inligting aangewend. | Deurlopend |
| **Bedryfspublikasies** | Die doel is om akkurate, feitlike en toepaslike inligting vir die bedryf te publiseer. | Die volgende publikasies is gedurende 2020 in plek gestel en word jaarliks hersien en publiseer. Dit vereis noue samewerking tussen alle portefeuljes. Die publikasies vir 2023 is as volg:<br>• Resepte (kwartaalliks)<br>• Kostegids (2023)<br>• Bedryfstatistiek (2023)<br>• Jaarverslag (2023)<br>• Inname volumes (weekliks vir 24 weke)<br>• LGO wenk van die week (weekliks)<br>• Maandelikse verskepings (maandeliks)<br>• Nuusbrief (kwartaalliks)<br>• Oesskattings en produksie-impakte (drie keer) | Deurlopend |




BEDRYFSSTATISTIEK 2023

Raisins South Africa (NPC) / Jaarverslag FJ2023

| Projek | Doelwitte | Vordering | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| **Inligtingsdae/velddae** | ’n Sleutel tot die bedryf is om praktiese velddae/ inligtingsdae aan te bied, wat toepaslike en sleutelaksies in die bedryf toelig. | Inligtingsdae sluit in:<br>• Simposium (heel eerste een in 2022 gehou)<br>• SAWWV/Raisins SA/SATI inligtingsdag<br>• Landboupraatjie<br>• 26 in-persoon “tegniese” sessies met produsente om inligting/ kennis oor verskeie onderwerpe oor te dra. | Deurlopend |
| **Bedryf se gala geleentheid** | Die gala aand is in werking gestel om erkenning aan produsente in die bedryf te gee, wie die ekstra myl stap en die volhoubaarheid van die industrie bevorder. | Raisins SA bied die sesde suksesvolle gala-geleentheid aan. ’n Klein seremonie word gehou vir die direksie, borge en wenners by die VAMF (Kakamas) om hulle trofees te oorhandig.<br><br>Die kategorieë sluit die volgende in:<br>• Bedryfsleier<br>• Bydraer tot die industrie<br>• Opkomende produsent van die jaar<br>• Jong produsent van die jaar<br>• Vroue-produsent van die jaar<br>• Innoveerder van die jaar<br>• Plaaswerker van die jaar<br>• Student van die jaar (Tegnies sowel as Finansieel)<br>• Hoërskool Martin Oosthuizen landbou leerder van die jaar.<br><br>Kort videos van die wenners word op Facebook gedeel. | Jaarliks |
| **Algemene jaarvergadering** | | Die algemene jaarvergadering was suksesvol aangebied by elke wyk:<br><br>• Wyk 1 – 7 September – Groblershoop<br>• Wyk 2 – 19 September – Keimoes<br>• Wyk 3 – 19 September – Kakamas<br>• Wyk 4 – 1 September – Lambertsbaai (tydens die simposium)<br><br>Bywoning was slegs moontlik in persoon. Die opkoms was baie minder as verwag, en verbetering word benodig, om te verseker produsente is ingelig oor Raisins SA se werksaamhede. Suksesvol afgehandel. | Jaarliks |
| **Ad hoc-aktiwiteite** | Pro-aktiewe/re-aktiewe kommunikasie soos benodig word. | Die insameling en verwerking van data/inligting geskied deurlopend. Ad hoc navrae of soos wat gebeure plaasvind gedurende die jaar, word geformuleer om spesifieke navrae of gebeure aan te spreek.<br><br>Gesprekke met rolspelers en leiers word ook deurlopend gevoer, om verbetering en innovasie teweeg te bring. | Deurlopend |




GALA GELEENTHEID




RAISINS SIMPOSIUM

## 8.4. Lesse geleer

2023 was weereens 'n uitdagende jaar, met die oes wat 44% kleiner was as aanvanklik geskat. Produsente se gemoedere en moraal was laag (te verstane), en die bywoning van sekere sleutel funksies/inligtingsgeleenthede is daardeur negatief geaffekteer.

**Die volgende lesse is in 2023 geleer:**

- Samewerking is sleutel tot sukses – effektiewe besluitneming kan nie in isolasie plaasvind nie. Dit is vir Raisins SA baie belangrik om in noue samewerking met alle belanghebbendes in die industrie te werk, vir deursigtigheid, insette, en aanduidings van uitdagings op grondvlak waaraan ons ook/meer tyd en aandag moet spandeer.

  Raisins SA moet waarde toevoeg, en moet op grondvlak weet wat die drukkendste behoeftes is. Daarby saam, word die inkoop en samewerking van produsente benodig, om saam te praat – die inligtingsessies by te woon, insette te lewer en behoeftes effektief te kommunikeer.
- Konsolidasie van aksies/geleenthede is nodig – alle belanghebbendes, veral produsente, se skedules is alreeds stampvol aan die begin van elke jaar, en die geleenthede vir rustig wees is nie veel nie. Sover as moontlik moet aksies konsolideer word, sodat produsente eerder een dag van die plaas af weg is vir inligting inwin, as drie halwe dae.
- Effektiewe kommunikasie is sleutel – aandag moet geskenk word aan die wyse waarop kommunikasie geskied, en of dit effektief is. Alternatiewe wat gerieflik is vir produsente, moet ondersoek word – die trefkrag van e-posse en WhatsApp boodskappe word bevraagteken.

## 8.5. Slotsom

Sedert 2019 het hierdie portefeulje jaarliks gegroei en verbeter, om die behoeftes van die verskeie rolspelers in die industrie aan te spreek. Betroubare, relevante, intydse data is van kardinale belang, en die groot fokus tot op hede was om data in intelligensie te omskep.

Die volgende stap is om die oordrag van die intelligensie te verbeter, sodat alle belanghebbendes te alle tye ingelig is, en ook weet waar om (die regte) antwoorde op hul vrae te kry.

Sonder die inkoop, insette en ondersteuning van produsente, verpakkers, finansiële instellings, borge, mede-bedryfsorganisasies en belanghebbendes, sal die pogings en planne nie veel vrugte afwerp nie. Raisins SA wil graag vir almal wie aktief betrokke is en die nodige kritiek op die regte manier deurgee, hartlik bedank. U insette is waardevol, en word hoog op die prys gestel.

Ons is opgewonde vir die jaar wat voorlê – om alle take met insig en entoesiasme aan te pak, die kommunikasiekanale ten volle te benut en te verbeter, en en om die bedryf te dien tot die beste van ons vermoë.

# 9. VERKORTE FINANSIËLE STATE

**Raisins South Africa NPC**
(Registration number : 1997/019805/08
*Abridged Audited Financial Statements for the year ending 31 December 2023*

## General information

| | |
|---|---|
| **Unabridged Audited Financial Statements** | A copy of the unabridged financial statements can be obtained from the Company Secretary:<br><br>**S Oliphant**<br>Tel: +27 (0) 54 495 0283<br>Email : Simones@raisins.co.za |
| **Country of Incorporation and Domicile** | South Africa |
| **Nature of Business and Principal Activities** | Service delivery to dried fruit producers |
| **Directors** | JWJ Fourie |
| | D van der Merwe |
| | J van Zyl Vorster |
| | CF Botha |
| | AP Mac Minn |
| | J van der Colff |
| | EW Loxton |
| | B Le Roux de Vos |
| | S Oliphant |
| | N C Koch |
| **Chairman** | JWJ Fourie |
| **Registered Office** | 9 Groenpuntweg<br>Keidebees<br>Upington<br>Northern Cape<br>8801 |

## General information (continued)

| | |
|---|---|
| **Bankers** | First National Bank Ltd |
| **Taxation Number** | 9104004057 |
| **Level of Assurance** | Audited in terms of the Companies Act of South Africa |
| **Auditors** | Venter en Vennote<br>46 Anton Lubowski Drive<br>Upington<br>Northern Cape<br>8801 |
| **Compiler** | S E Mans<br>B.Acc AGA (SA) |



# Directors' Responsibilities and Approval

The directors are required by the Companies Act of South Africa to maintain adequate accounting records and are responsible for the content and integrity of the annual financial statements and related financial information included in this report. It is their responsibility to ensure that the annual financial statements satisfy the financial reporting standards with regards to form and content and present fairly the statement of financial position, results of operations and business of the non-profit company, and explain the transactions and financial position of the business of the non-profit company at the end of the financial year. The annual financial statements are based upon appropriate accounting policies consistently applied throughout the non-profit company and supported by reasonable and prudent judgements and estimates.

The directors acknowledge that they are ultimately responsible for the system of internal financial control established by the non-profit company and place considerable importance on maintaining a strong control environment. To enable the directors to meet these responsibilities, the directors set standards for internal control aimed at reducing the risk of error or loss in a cost effective manner. The standards include the proper delegation of responsibilities within a clearly defined framework, effective accounting procedures and adequate segregation of duties to ensure an acceptable level of risk. These controls are monitored throughout the non-profit company and all employees are required to maintain the highest ethical standards in ensuring the company's business is conducted in a manner that in all reasonable circumstances is above reproach.

The focus of risk management in the non-profit company is on identifying, assessing, managing and monitoring all known formsof risk across the non-profit company. While operating risk cannot be fully eliminated, thenon-profit company endeavours to minimise it by ensuring that appropriate infrastructure, controls, systems and ethical behaviour are applied and managed within predetermined procedures and constraints.

The directors are of the opinion, based on the information and explanations given by management and the external auditors, that the system of internal control provides reasonable assurance that the financial records may be relied on for the preparation of the annual financial statements. However, any system of internal financial control can provide only reasonable, and not absolute, assurance against material misstatement or loss. The going-concern basis has been adopted in preparing the financial statements. Based on forecasts and available cash resources the directors have no reason to believe that the company will not be a going concern in the foreseeable future. The financial statements support the viability of the non-profit company.

The external auditors are responsible for independently auditing and reporting on the non-profit company's annual financial statements. The annual financial statements have been examined by the non-profit company's external auditors and their qualified audit report is presented on pages 5 to 6.

The annual financial statements set out on pages 7 to 21 which have been prepared on the going concern basis, were approved by the directors and were signed on 14 April 2024 on the non-profit company's behalf by:

..............................................................................

*Director*

..............................................................................

*Director*

## Directors report

*The directors present their report for the year ended 31 December 2023.*

### 1. Review of financial results and activities

**Main business and operations**

The principal activity of the non-profit company is to service delivery to dried fruit producer in South Africa.

There were no major changes herein during the year.

Non-profit company`s revenue decreased from  R 13 216 129 in the prior year to R 10 841 301 for the year ended 31 December 2023.

The operating results and statement of financial position of the non-profit company are fully set out in the attached financial statements and do not in our opinion require any further comment.

On 11 December 2020, honourable Minister for Agriculture, Land reform and Rural development, Mrs AT Didiza, approved the statutory measure and determination of levies for dried vine produce in accordance with the Marketing of Agricultural Products Act for the following four year cycle:

2020/2021 - 16.00c per kg
2021/2022 - 17.60c per kg
2022/2023 - 19.30c per kg
2023/2024 - 21.00c per kg , excluding VAT

### 2. Going concern

The annual financial statements have been prepared on the basis of accounting policies applicable to a going concern. This basis presumes that funds will be available to finance future operations and that the realisation of assets and settlement of liabilities, contingent obligations and commitments will occur in the ordinary course of business.

### 3. Events after reporting date

No event, material to the understanding of this report, has occurred between the financial year-end and the date of this report.

### 4. Directors

The directors of the non-profit company during the year and up to the date of this report are as follows:

| | | |
|---|---|---|
| JWJ Fourie | D van der Merwe | CF Botha |
| AP Mac Minn | B Le Roux de Vos | J van Zyl Vorster |
| J van der Colff | S Oliphant | E W Loxton |
| N C Koch | | |

# Audit report

## To the Director of Raisins South Africa NPC

### Opinion

I have audited the financial statements of Raisins South Africa NPC set out on pages 7 to 20, which comprise the statement of financial position as at 31 December 2022, and the statement of comprehensive income, the statement of changes in equity and the statement of cash flows for the year then ended, and notes to the financial statements, including a summary of significant accounting policies.

In my opinion, the financial statements present fairly, in all material respects, the financial position of Raisins South Africa NPC as at 31 December 2022, and its financial performance and cash flows for the year then ended in accordance with the International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities.

### Basis for Opinion

I conducted my audit in accordance with International Standards on Auditing (ISAs). My responsibilities under those standards are further described in the Auditor's Responsibilities for the Audit of the Financial Statements section of my report. I am independent of the non-profit company in accordance with the sections 290 and 291 of the Independent Regulatory Board for Auditors' Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised January 2018), parts 1 and 3 of the Independent Regulatory Board for Auditors' Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised November 2018) (together the IRBA Codes) and other independence requirements applicable to performing audits of financial statements in South Africa. I have fulfilled my other ethical responsibilities, as applicable, in accordance with the IRBA Codes and in accordance with other ethical requirements applicable to performing audits in South Africa. The IRBA Codes are consistent with the corresponding sections of the International Ethics Standards Board for Accountants' Code of Ethics for Professional Accountants and the International Ethics Standards Board for Accountants' International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards) respectively. I believe that the audit evidence I have obtained is sufficient and appropriate to provide a basis for my opinion.

### Emphasis of Matter

In common with similar associations it is not feasible for management to institute accounting controls over levy income from packers prior to the initial entry of the collections in the accounting records. We tested a sample of the packers intake information to declarations made by their auditors and no material differences were found to that declared.

### Other Information

The directors are responsible for the other information. The other information comprises of the directors' report and the notes to the detail income statement as set out on page 18-20. My opinion on the financial statements does not cover the other information and I do not express an audit opinion or any form of assurance conclusion thereon.

In connection with my audit of the financial statements, my responsibility is to read the other information and, in doing so, consider whether the other information is materially inconsistent with the financial statements or my knowledge obtained in the audit, or otherwise appears to be materially misstated. If, based on the work I have performed, I conclude that there is a material misstatement of this other information, I am required to report that fact. I have nothing to report in this regard.

### Responsibilities of the directors for the financial statements

The directors are responsible for the preparation and fair presentation of the financial statements in accordance with the International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities, and for such internal control as the directors determine is necessary to enable the preparation of financial statements that are free from material misstatement, whether due to fraud or error.

In preparing the financial statements, the directors are responsible for assessing the non-profit company's ability to continue as a going concern, disclosing, as applicable, matters related to going concern and using the going concern basis of accounting unless the directors either intend to liquidate the non-profit company or to cease operations, or have no realistic alternative but to do so.

**Auditor's Responsibilities for the Audit of the Financial Statements**

My objectives are to obtain reasonable assurance about whether the financial statements as a whole are free from material misstatement, whether due to fraud or error, and to issue an auditor's report that includes my opinion. Reasonable assurance is a high level of assurance, but is not a guarantee that an audit conducted in accordance with ISAs will always detect a material misstatement when it exists. Misstatements can arise from fraud or error and are considered material if, individually or in the aggregate, they could reasonably be expected to influence the economic decisions of users taken on the basis of these financial statements.

As part of an audit in accordance with ISAs, I exercise professional judgement and maintain professional scepticism throughout the audit. I also:

- Identify and assess the risks of material misstatement of the financial statements, whether due to fraud or error, design and perform audit procedures responsive to those risks, and obtain audit evidence that is sufficient and appropriate to provide a basis for my opinion. The risk of not detecting a material misstatement resulting from fraud is higher than for one resulting from error, as fraud may involve collusion, forgery, intentional omissions, misrepresentations or the override of internal control.
- Obtain an understanding of internal control relevant to the audit in order to design audit procedures that are appropriate in the circumstances, but not for the purpose of expressing an opinion on the effectiveness of the non-profit company's internal control.
- Evaluate the appropriateness of accounting policies used and the reasonableness of accounting estimates and related disclosures made by the directors.
- Conclude on the appropriateness of the directors' use of the going concern basis of accounting and based on the audit evidence obtained, whether a material uncertainty exists related to events or conditions that may cast significant doubt on the non-profit company's ability to continue as a going concern. If I conclude that a material uncertainty exists, I am required to draw attention in my auditor's report to the related disclosures in the financial statements or, if such disclosures are inadequate, to modify my opinion. My conclusions are based on the audit evidence obtained up to the date of my auditor's report. However, future events or conditions may cause the non-profit company to cease to continue as a going concern.
- Evaluate the overall presentation, structure and content of the financial statements, including the disclosures, and whether the financial statements represent the underlying transactions and events in a manner that achieves fair presentation.
- I communicate with the directors regarding, among other matters, the planned scope and timing of the audit and significant audit findings, including any significant deficiencies in internal control that I identify during my audit.

**Venter & Vennote**
*Per: Janine Venter*
Director/Partner
Chartered Accountant (SA)

21 April 2023
46 Anton Lubowski Road
Upington
Northern Cape
8801

## Statement of Financial Position

| Figures in R | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| **Assets** | | |
| **Non-current assets** | | |
| Property, plant and equipment | 703 290 | 683 694 |
| Unlisted investments | 10 262 188 | 11 134 232 |
| | **10 965 478** | **11 817 926** |
| **Current assets** | | |
| Trade and other receivables | 4 399 531 | 3 945 572 |
| Inventory | - | 53 569 |
| Cash and cash equivalents | 1 265 294 | 1 053 560 |
| | **5 664 825** | **5 052 701** |
| **Total assets** | **16 630 303** | **16 870 627** |
| **Equity and liabilities** | | |
| **Equity** | | |
| Funds | **10 029 688** | **9 896 880** |
| **Non - current liabilities** | | |
| Loan - Raisins South Africa Industry Trust | **5 017 660** | **5 227 052** |
| **Current liabilities** | | |
| Trade and other payables | **1 582 956** | **1 746 695** |
| **Total equity and liabilities** | **16 630 304** | **16 870 627** |

## Statement of Comprehensive Income

| Figures in R | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| Revenue | 10 841 301 | 13 216 129 |
| Other income | 5 837 399 | 8 247 643 |
| Other expenses | (16 975 111) | (20 327 233) |
| **(Loss) / profit from operating activities** | **(296 411)** | **1 136 539** |
| Finance income | 848 177 | 637 543 |
| Finance cost | (369 652) | (727 952) |
| Realised currency losses | (49 307) | 20 114 |
| **Profit/(Loss) for the year** | **132 808** | **1 066 244** |



## Statement of Changes in Equity

| Figures in R | Statutory funds | Voluntary funds | Retained income | Total |
|---|---|---|---|---|
| **Balance at 1 January 2022** | **(10 375 893)** | **19 206 529** | **(0)** | **8 830 636** |
| **Changes in equity** | | | | |
| Profit for the year | - | - | 1 066 244 | 1 066 244 |
| Total comprehensive income | - | - | 1 066 244 | 1 066 244 |
| **Transfers between equity** | | | | |
| Transfers from retained income | (7 181 399) | 8 247 643 | (1 066 244) | - |
| **Balance at 31 December 2022** | **(17 557 292)** | **27 454 172** | **0** | **9 896 880** |
| **Changes in equity** | | | | |
| Profit for the year | - | - | 132 808 | 132 808 |
| Total comprehensive income | - | - | 132 808 | 132 808 |
| **Transfers between equity** | | | | |
| Transfers from retained income | (5 704 591) | 5 837 399 | (132 808) | - |
| **Balance at 31 December 2023** | **(23 261 883)** | **33 291 571** | **0** | **10 029 688** |

## Statement of Cashflows

| Figures in R | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| **Cash flows (used in)/from operating activities** | | |
| **Profit/(Loss) for the year** | **132 808** | **1 066 244** |
| **Adjustments to reconcile profit/(loss)** | | |
| Adjustments for finance income | (848 177) | (637 543) |
| Adjustments for finance charges | 369 652 | 727 952 |
| Adjustments for (increase)/decrease in trade accounts receivable | 1 293 346 | (851 266) |
| Adjustments for (increase)/decrease in other operating receivables | (1 747 305) | 1 598 141 |
| Adjustments for (decrease)/increase in trade accounts payable | 396 816 | 23 958 |
| Adjustments for (decrease)/increase in other operating payables | (560 555) | 456 340 |
| Adjustments for (decrease)/increase in inventory | 53 569 | 228 486 |
| Adjustments for depreciation and amortisation expense | 200 330 | 217 998 |
| **Total adjustments to reconcile (loss)/profit** | **(842 325)** | **1 764 067** |
| Net cash flows (used in)/from operations | (709 517) | 2 830 311 |
| Finance charges | (369 652) | (727 952) |
| Finance income | 848 177 | 637 543 |
| **Net cash flows (used in)/from operating activities** | **(230 991)** | **2 739 902** |

## Statement of Cashflows (continued)

| Figures in R | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| **Cash flows from/(used in) investing activities** | | |
| Purchase of property, plant and equipment | (219 926) | (301 240) |
| Decrease/(Increase) in other financial assets | 872 044 | 1 798 873 |
| **Net cash flows (used in)/from investing activities** | **652 118** | **1 497 633** |
| **Cash flows from/(used in) financing activities** | | |
| Increase/(Decrease) in other financial liability | (209 392) | (3 733 123) |
| **Net cash flows from/(used in) investing activities** | **(209 392)** | **(3 733 123)** |
| **Net (decrease)/increase in cash and cash equivalents** | **211 734** | **504 412** |
| Cash and cash equivalents at beginning of period | 1 053 560 | 549 148 |
| **Cash and cash equivalents at end of period** | **1 265 294** | **1 053 560** |

+27 54 495 0283
admin@raisinsa.co.za
www.raisinsa.co.za